Anglisismes

DEUR

DR. J. J. LE ROUX

(in lewe professor van Nederlands en Afrikaans te Pietermaritzburg)

A
439.3624
LER



ANGLISISMES

DEUR

DR. J. J. LE ROUX

(in lewe professor van Nederlands en Afrikaans te Pietermaritzburg)

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Kaapstad Johannesburg Bloemfontein

INHOUDSOPGAWE

Hfst.		*Bl.*
	'n Woord Vooraf	IV
I.	Die Aard van Taalbeïnvloeding	1
II.	Wat is Suiwer Afrikaans?	9
III.	Leenwoorde in Nederlands	15
IV.	Afrikaanse Ontleninge aan Ander Tale	19
V.	Leen- en Basterwoorde uit Engels	22
VI.	Barbarismes uit Engels	29
VII.	Spreekwoordelike Gesegdes, Sinswendinge, Aparte Woorde, Voorsetsels, Voornaamwoorde	38
VIII.	Funksieverandering, Samestellinge, Woordorde, Uitspraak	45
	Oefeninge	48

'N WOORD VOORAF

Op versoek van (nou wyle) mnr. J. M. H. Viljoen het prof. J. J. le Roux in 1945 vir *Die Huisgenoot* 'n reeks artikels oor Anglisismes geskryf. Die eerste het in die aflewering van 16 Maart 1945 van daardie weekblad verskyn, die laaste op 27 April 1945.

Van verskillende kante is die wens uitgespreek om die artikels in boekvorm te laat verskyn, maar voordat hy dit kon aanvul met 'n klompie oefeninge, is prof. Le Roux op 6 September 1946 oorlede.

Die oorspronklike teks word hier oorgedruk. Aan die einde daarvan word nou 'n klompie oefeninge bygevoeg met die oog op gebruik in die skole. Ten einde nie onnodig die Anglisistiese vorm te propageer nie, word meestal liewers regstreeks van Engels uitgegaan, hier en daar met 'n aanduiding van die goeie gebruik in Afrikaans.

G. S. NIENABER

Pietermaritzburg.
November 1952.

HOOFSTUK I

DIE AARD VAN TAALBEÏNVLOEDING

Die tekens van Engelse invloed op ons taal kan van verskillende gedaante wees. Lossiesweg praat ons maar van almal as Anglisismes, maar dis moontlik om noukeuriger te onderskei. Veral hou ons graag twee groot groepe uit mekaar: *leenwoorde* en *barbarismes*.

Onder die *leenwoorde* is daar dié wat die Akademie wildvreemde woorde noem. Dit is eintlik woorde wat maar so af en toe, of alleen deur kleiner groepe gebruik word, dus woorde wat nog nie behoorlik ingeburger is nie. Die Akademie het daarby egter ook party woorde gegroepeer wat nie so alte vreemd meer is nie, maar wat ons nie maklik op 'n Afrikaanse manier kan spelle nie, soos: *jingo*, *rugby*, *gentleman*, *whiskey*.

'n Groot aantal van die „wildvreemde" leenwoorde in Afrikaans is eintlik van Franse oorsprong maar het deur Engelse bemiddeling na ons toe gekom, soos: *garage*, *reservoir* en *trousseau*.

'n Tweede groep leenwoorde bestaan uit dié wat al min of meer burgerreg verkry het. Ons spreek hulle op Afrikaanse manier uit en hulle word ook op Afrikaanse manier gespelle. Woorde soos: *poeding*, *pennie*, *trippens*, *trollie*, *hen(d)sop*. Hulle word gewoonlik **basterwoorde** genoem. In baie gevalle sal dit uiters moeilik wees om uit te maak of 'n woord reeds so algemeen gebruik word dat daar burgerreg aan verleen moet word, dus of ons dit onder die eerste of die tweede groep moet reken.

Dan is daar nog **hibridiese** woorde, d.w.s. woorde of woordvorme waarvan 'n deel Engels en 'n ander deel Afrikaans is: *uitsort*, *diggery*, *ge-enjoy*. Van hedendaagse standpunt uit besien hoort dié woorde waarvan die Engelse element reeds burgerreg verkry

het, soos: *diphak*, *dipgat*, *dippery* met die ingeburgerde Engelse element *dip*, streng genome nie tot hierdie klas nie, al is hulle dele van verskillende herkoms.

Barbarismes is woorde, woordverbindinge, sinwendinge en segswyses wat Afrikaans is na die uiterlike vorm (klank en verbuiging) maar op 'n vreemde manier gebruik word, bv. wat betref betekenis, funksie, woordvoeging, manier van samestelling, ens.: *hy het daar 'n besigheid opgerig; wat is op met jou; ek haat om dit te doen.* Hulle word dikwels *-ismes* genoem, dus Anglisismes as die beïnvloedende taal Engels is, Germanismes as dit Duits is, Gallisismes as dit Frans is, ens.

Terwyl Anglisismes dus aan die een kant as 'n algemene term gebruik kan word om alle vorme van Engelse invloed in te sluit, word dit aan die ander kant ook in meer beperkte sin gebruik as sinoniem met barbarismes van Engelse herkoms om hulle te onderskei van leenwoorde. Deur die vertroude uiterlike vorm is sulke barbarismes gewoonlik moeiliker om te herken as leenwoorde, en dring hulle haas ongemerk ons taal binne.

Hiertoe kan ook gereken word die sg. **leenvertalinge,** d.w.s. letterlike vertalinge van Engelse woorde om hulle 'n Afrikaanse voorkome te gee: *posmeester*, *poskaartjie*, *straf(skop)*, *kosprys*, *blokhuis*, ens.

Soms het Afrikaans en Engels nagenoeg dieselfde klanke of lewer transposisie van klanke dieselfde resultaat op as vertaling. Dit is bv. moeilik om te besluit of die eerste deel van woorde soos *blokhuis*, *opfix*, *opmix*, beskrywe moet word as vertaling of as klankomsetting.

In teëstelling hiermee gee ons soms, ditsy bewus, ditsy onbewus, aan begrippe wat deur Engelse bemiddeling na ons toe gekom het, 'n geheel nuwe naam wat die gevolg is van eie siening: *rolprent*, *skottelploeg*, *tikmasjien*.

Dat ons taal op so 'n groot skaal deur Engels beïnvloed word, is 'n natuurlike saak. Immers die mens is van nature 'n eentalige wese en waar twee taalgroepe deur die loop van omstandighede in daaglikse kontak met mekaar gebring word, sal die natuurlike drang bestaan om alle verskille te nivelleer sodat ten slotte net een taal oorbly.

Die gevolg kan wees dat die een taal heeltemal van die toneel verdwyn, gewoonlik egter nie sonder om belangrike spore op die oorwinnaar agter te laat nie, óf daar kan 'n mengeltaal ontstaan met belangrike elemente van albei.

Van beide prosesse lewer die geskiedenis volop voorbeelde. Tale wat verdwyn het, is bv. die Frankies van die Ou-Germaanse volkstamme wat in die Middeleeue in Frankryk gewoon het, en die Frans van ons eie Hugenote-voorouers in Suid-Afrika. Die Frans, Duits, Krom-Portugees, Maleis en Hottentots wat vroeër aan die Kaap gepraat is, het egter almal hulle deeltjie bygedra om Afrikaans uit Nederlands te laat ontstaan. Bekende voorbeelde van mengeltale is o.a. Engels ('n mengeling van Germaans en Frans) en die sg. Beulemans ('n mengeling van Frans en Nederlands wat in gedeeltes van Brussel gehoor kan word).

Wat met al die sprekers van 'n taal of met groot groepe van hulle kan gebeur, kan ook by kleiner groepe of by indiwidue voorkom. So sal dit maklik wees om by ons aan Afrikaners te dink wat glad nie meer kan Afrikaans praat nie, of wat dit as gewoonte aangeneem het om 'n gebrou te praat van Engels en Afrikaans deurmekaar.

Aan die ander kant is dit egter ook 'n natuurlike strewe vir persone wat meer as een taal ken, om hulle noukeurig uitmekaar te hou. Die taal is 'n middel, die vernaamste middel, wat ons in staat stel om sosiale omgang met ons medemens te onderhou. In ons gees vorm al die dinge wat verband hou met 'n bepaalde persoon met

wie ons in aanraking kom, 'n groep indrukke wat maklik met mekaar geassosieer word.

So vind ons bv. dat 'n kind wat in 'n tweetalige omgewing opgroei, met een persoon in een taal sal praat en hom dan na 'n ander sal wend en met die grootste gemak en volkome suiwer sal voortgaan in 'n ander taal. So 'n kind het spontaan die feit erken dat daar twee verskillende verkeersmiddele in sy omgewing bestaan en hom altwee eie gemaak, hom dus by altwee groepe in sy omgewing leer aanpas. Dit lê ook binne die vermoë van grootmense met hulle breër kring van intellektuele belangstelling om dit te doen.

In 'n tweetalige land moet hierdie twee drange, nl. aan die een kant om steeds uiting te gee aan die taalvorm wat die natuurlikste opwel, en aan die ander kant om jou aan te pas by die omgewing van die oomblik, steeds 'n stryd voer in die gees van die indiwidu. In elke bepaalde geval sal sy gedragslyn bepaal word deur dié faktore wat sterk genoeg is om die deurslag te gee. 'n Gedragslyn wat dikwels gevolg word, word later 'n lewenshouding. So 'n gedragslyn, en gevolglik ook so 'n lewenshouding, ontstaan grotendeels in die onderbewussyn maar kan gewysig word deur bewuste nadink en wilsaktes.

* * *

In Suid-Afrika is daar baie Afrikaners wat hulle redelik suiwer in Engels, en ook 'n taamlike aantal Engelse wat hulle redelik suiwer in Afrikaans uitdruk, maar dis opmerklik dat die gewoonte om hulle Afrikaans met Engels te deurspek so baie onder Afrikaners gevind word, terwyl die ooreenkomstige gewoonte nie by Engelse aangetref word as hulle hulle moedertaal praat nie. Die feitlike toestand is dus dat, terwyl daar die natuurlike strewe by die toon-aangewendes onder beide Engels- en Afrikaanssprekende groepe is om hulle moedertaal so suiwer as moontlik te hou, daar 'n groot groep sg. Afrikaanssprekendes is wat aan die afsak is na 'n mengeltaal. Hierdie groep word nie in ewewig gehou deur 'n ooreenkomstige groep Engelssprekendes nie.

Die dieper sosiale en psigologiese oorsake van hierdie toestand is velerlei. Daar is die veelvuldige gebruik van Engels in die omgang met Engelse op kantoor en in die samelewing en die veelvuldige lees van Engelse boeke en koerante. Dit hou die Engelse woorde as 't ware beter geölied, sodat hulle by 'n gegewe geleentheid makliker voor die dag kom.

Daar is die bywoon van Engelse skole en die skrywe van Engelse briewe. Dit veroorsaak onkunde van Afrikaans deur onbruik.

Daar is die onsuiwer taal wat 'n mens heeldag hoor en lees. Dit veroorsaak assosiasies met onsuiwer taal wat onnadenkend oorgeneem word, sodat daar later twyfel en onsekerheid bestaan oor wat suiwer is.

Maar die deurslaggewende faktor is seker 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor die vreemde taal. Die gebruik van die vreemde woord of uitdrukking laat 'n gevoel van genot ontstaan. Hierdie gevoel is gewoonlik nie die gevolg van 'n bewuste oortuiging nie. Dit rys somaar spontaan op. Die hoë amptenare op kantoor gebruik hierdie woorde; die dames op teepartytjies gebruik hulle; in die bioskoop weerklink hulle; in die koerante staan hulle gedruk. En die oppervlakkige persoon met sy afkeer van inspanning en andersheid gebruik hulle „somaar". „Why worry?"—„Waarvoor sal ek my moeg maak oor 'n woord?"

Die persoon wat dieper nadink, vra hom egter af: „Vanwaar hierdie vrees vir inspanning, vanwaar hierdie afkerigheid van andersheid? Is dit nie juis 'n teken dat die ander taal groter aantreklikheid het omdat die nasie-bewustheid nie ten volle ontwikkel is nie?"

* * *

Maar ook taal- en nasiebewuste mense staan soms skepties teenoor die puristiese strewe. Hulle argumente is van tweërlei aard: esteties en histories.

Van estetiese kant voer hulle aan dat die Engelse woorde tog nie

leliker is as ons eie nie; waarom moet hulle dan as smette op ons taal beskou word? Van historiese kant wys hulle daarop dat alle tale met verloop van tyd verander het en dat vreemde tale daar gewoonlik 'n aandeel aan gehad het. Tog is die resultaat nie dat dié tale minder doeltreffend geword het of die liefde van die sprekers daarvan verbeur het nie. Selfs sprekers van mengeltale het hulle liefde vir taal en nasionaliteit behou. In hierdie verband word o.a. op die voorbeeld van Engels gewys, waarin selfs 'n hoogstaande literatuur ontstaan het, ondanks die feit dat dit 'n mengeltaal is.

Hierdie argumente kan maklik omver gewerp word.

Wat die estetiese kant van die saak betref, is dit uiters moeilik om te sê of een taal mooier is as 'n ander. Die oordeelvellinge wat 'n mens gewoonlik hoor, is meer op vooroordeel as op onpartydige waardebepaling gebaseer. Beoordeel na die objektiewe maatstawwe wat gewoonlik aangelê word, maak Afrikaans 'n uitstekende vertoning. Maar die skoonheid van 'n taal hang gewoonlik meer af van die manier waarop die indiwiduele spreker dit aanwend as van die klanke self.

Die saak waar dit hier om gaan, is egter nie die skoonheid van die twee tale, ieder op sigself nie, maar die vermenging van twee dinge wat nie by mekaar hoort nie. Iemand kan bv. waardering hê vir sowel die Gotiese as die Renaissance-boustyl, maar tog die vermenging van die twee afskuwelik vind. Of, om 'n vergelyking uit die daaglikse lewe te neem, twee lappe materiaal kan ieder op sigself pragtig wees en tog kan die resultaat, as hulle saam gebruik word om een rok te maak, smakeloos en lelik wees, eenvoudig omdat hulle nie by mekaar pas nie. So ook is die vermenging van twee tale, vir die eie-aard waarvan die gevoel nog lewendig is, lelik, omdat daar nie 'n harmoniese samesmelting is nie. Die feit dat die samesmelting miskien nog in die verre toekoms harmonies kan word, verhelp die teenswoordige toestand geensins.

Die historiese argument gaan ook nie op nie, want die houding van 'n volk wanneer 'n toestand van berusting weer bereik is, mag

nie vereenselwig word met die tydperk van stryd wat daaraan voorafgaan nie. Die huidige nasionale gevoel van die Engelsman is 'n gevoel vir 'n ander nasie en taal as in die tyd van die Angel-Saksers, en ook ons eie nasionale gevoel gaan uit na 'n ander nasie en taal as in die sewentiende eeu. Tussen toe en nou lê tydperke van heftige stryd, die resultaat waarvan uiteindelik aanvaar is.

Maar in die tyd van verwording self is die taalverandering die uiterlike kenmerk van die verlore gaan van eie nasionaliteit en kultuurgoed. Dan kom die drang tot selfbehoud bo, en wie sy volk lief het, sal nie alleen alle kragte inspan vir die verdediging en beskerming van sy erfenis nie, maar ook vir die uitbou en ontwikkeling daarvan, want die skone bloei, nog meer as die verdediging, van wat ons eie is, is 'n bron van inspirasie.

* * *

Die houding van die skrywer verdien besondere aandag. Aan die een kant is daar die wat meen dat die skrywer 'n besondere roeping het ook teenoor die taal, dat hy deur die invloed wat sy geskrifte het op die algemene publiek, nie tevrede mag wees om te skrywe soos oor die algemeen gepraat word nie, maar dat die taak en plig hom opgelê is om deur sy voorbeeld die taal suiwer te hou of te maak. Dit is die houding van die meeste taalbewuste Afrikaners.

Aan die ander kant kan egter daarop gewys word dat egtheid en natuurlikheid in woord, beeld en klank, sowel as in gevoel, tot die grootste verdienstes van die skrywer hoort. As hy hom dan steeds moet besighou met 'n jag op Anglisismes, gaan sy spontaneïteit verlore en moet die natuurlik-opwellende woord plek maak vir 'n geforseerde bestudeerdheid.

Die antwoord hierop is dat as hy hom ook in sy daaglikse omgang gewoond maak aan suiwer taal, dit hierdie suiwer taal is wat natuurlik by hom sal opwel waar hy self aan die woord is by die skrywe. Waar hy egter andere realisties wil teken, ook in hulle taal,

soos Van Bruggen in *Ampie*, of sarkasties wil wees, soos Langenhoven in *Doppers en Filistyne*, en dan Anglisismes gebruik, doen hy dit met 'n bepaalde doel en sal niemand hom dit kwalik neem nie.

Ons kom dus tot die slotsom dat die strewe na suiwer taal uit nasionale, kulturele en estetiese oogpunt 'n saak van lewensbelang is vir die Afrikaanse skrywer sowel as spreker. Die vraag ontstaan dan egter in hoever die ideaal van absolute suiwerheid bereik kan word.

Hoofstuk II

WAT IS SUIWER AFRIKAANS?

Dis maklik om te sê ons moet suiwer Afrikaans praat, maar wat is suiwer Afrikaans en waar vind ons dit? As ons tot gister toe suiwer gepraat het, dan sou dit maklik gewees het om die inkomende onsuiwerhede van vandag te herken. Maar ons is al anderhalwe eeu in kontak met Engels. Anglisismes word nie alleen deur indiwidue oorgeneem nie, maar ons erf ons verengelste taal oor. Ons hoor dit van ons mede-Afrikaners en ons praat hulle na. Die angliseringsproses tref ons in alle grade aan, vanaf die mengeltaal waarvan dit moeilik is om te sê of dit Engels of Afrikaans is, tot die puristiese taal van die taalgeleerdes en skrywers wat tog ook nog moet erken dat hulle hulle dikwels vergis.

„As u daaraan twyfel of 'n bepaalde uitdrukking suiwer Afrikaans is, vergelyk dit dan met Hollands", sal party sê. Maar ons het dan Afrikaans aanvaar as skryf- en kultuurtaal, en dit beteken tog in wese dat Afrikaans tot sy eie norm gemaak is. Buitendien het die intieme kennis van Nederlands sedertdien so agteruitgegaan dat dit 'n onbillike eis sou wees om aan die algemene publiek te stel.

„Gaan na die platteland", sal andere sê, „daar sal u die suiwerste Afrikaans hoor". Dit is wel waar dat die grootste gedeelte van ons platteland betreklik suiwer praat, omdat dit minder in aanraking met Engels gekom het as die stede, maar ook op die platteland dring die Engelse invloed meer en meer deur. En dan moet ons onthou dat die plattelandse bevolking oor die algemeen nie die mees ontwikkelde deel van die bevolking is nie. Hulle woordeskat is beperk en voldoen nie aan die behoeftes van stedelinge en geleerdes nie,

en hulle is gewoonlik nie so taalbewus soos mense wat geleerde beroepe volg nie. Engelse vakterme skiet nêrens so maklik wortel as by die boerebevolking nie, en „Ampie" besef net so min, of minder, as sy swaer, die stedelike arbeider, dat hy Engelse woorde gebruik.

Nee, die norm vir goeie taal moet in Suid-Afrika, net soos in alle ander lande, aangegee word deur die mees beskaafde en ontwikkelde sprekers en skrywers. Deur ons eienaardige sosiale toestande het ons egter hierdie verwikkeling dat ook party hoog geleerde (en hooggeleerde) persone nie die toon kan of mag aangee op taalgebied nie, omdat hulle hulle geleerdheid in 'n vreemde taal opgedoen en daarin bly dink het. Die toon moet aangegee word, nie deur volksvreemdes nie, al geniet hulle ook 'n hoë graad van geleerdheid, maar deur dié geestelike en kulturele leiers wat ook op taalgebied die egte volksgees verteenwoordig. Gelukkig voel die volk self tot op aansienlike hoogte aan wie 'n betroubare leier is en wie se leiding verwerp moet word.

Ook voel die volk aan dat, hoewel Afrikaans sy eie norm geword het, dit nie beteken dat alle bande met die verlede verbreek moet word nie. Hy voel dus dat ons geregtig is op die hele Nederlandse woordeskat—al verwerp ons dele daarvan—en dat, wanneer nuwe behoeftes ontstaan, dit die natuurlike bron is waaruit ons moet put, indien nodig. Soos die Hollandse tradisie in sommige gevalle nog geldig is by die bepaling van ons beskaafde uitspraak, bv. van die lang vokale in *been* en *boom*, so kan Nederlands ook nog belangrike dienste bewys aan ons puristiese strewe, mits daar 'n oordeelkundige gebruik gemaak word van die Nederlandse voorbeeld.

So sal ons bv. nie die Nederlander volg as hy wil pronk met 'n bietjie vreemde vernis nie en bv. by die tennisspeel met 'n afskuwelike uitspraak probeer Engels tel, of by ander soorte sport liefs die Engelse

terme in dieselfde soort uitspraak probeer handhaaf, of op sy winkelvensters opskrifte soos *dancing*, *hairdressing* en *afternoon-tea* plaas.

Daarenteen sal ons probeer om die Hollandse terminologie by die kaart- en biljartspel te behou as voortsetting van 'n ou tradisie. Al moet ons die toestand aanvaar dat die groot massas minder-ontwikkeldes in die toekoms selde 'n Nederlandse boek ter hand sal neem, moet almal wat aanspraak wil maak op 'n bietjie meer ontwikkeling, aangemoedig word om Nederlands en Vlaams te lees. Dit sal verhoed dat hulle gedurig deur onkunde die toevlug moet neem tot die Engelse woord. Dit sal ook die natuurlike gevoel vir die Dietse taaleie lewendig hou en versterk.

In hierdie opsig het leiers op taalgebied, skrywers van belletrie en joernaliste, predikante en ander openbare sprekers, onderwysers, radio-uitsenders, ens. 'n groot verantwoordelikheid, want dis hulle wat—wetend of onwetend—rigting gee aan die taal van die massas wat nie Nederlands lees nie. As die leiers uit 'n suiwere bron put, sal hulle ook 'n heilsame invloed op die massa hê. Die taalinvloed van een erkende voorganger kan groter wees as van duisende lede van die sg. „spraakmakende gemeente".

Maar ook aan die aldus geskoolde spreker of skrywer sweef gewoonlik nog 'n onbestemde ideaal, ook ten opsigte van die suiwerheid van sy taal, voor, wat hy voel dat hy nie kan bereik nie. Hierdie ideaal kan nie noukeurig omskryf of onder reëls gebring word nie, want geestelike gewaarwordinge is nou eenmaal nie algebra nie.

By voorkomende gevalle sal hy ook die een keer na die een kant toe kies en die ander keer na die ander kant toe, soms deur vooroordeel, soms deur gebrekkige kennis, soms eenvoudig omdat hy daar nog nooit op opmerksaam gemaak is dat hy 'n Anglisisme gebruik nie. Daarom is opsetlike beskrywende en historiese taalstudie ook nodig. Maar selfs daarmee is dit soms uiters moeilik om 'n beslissing te vel.

Hoe moeilik dit soms is om agter die waarheid aangaande die herkoms van 'n woord of uitdrukking te kom, kan met die volgende paar voorbeelde geïllustreer word.

Krediet is 'n ou ingeburgerde Nederlandse woord van Frans-Italiaanse herkoms, en *iemand krediet geven* is 'n vaste Nederlandse uitdrukking. Maar as iemand in figuurlike sin sê: „Ek gee jou daar krediet voor", dan dink ons dadelik aan die Engels *I give you credit for it* en bestempel die segswyse as 'n Anglisisme. Lê hierdie figuurlike gebruik van die uitdrukking dan nie so voor die hand dat dit sonder enige Engelse invloed in Afrikaans kon ontstaan het nie? — Dit sou baie goed moontlik gewees het, maar daar is niks om te bewys dat dit werklik gebeur het nie. Weliswaar word die woord ook in Nederlands figuurlik aangewend, bv. *ik heb geen krediet voor hem* = ek stel geen vertroue in hom nie; *hij is 'n persoon van krediet* = hy is 'n persoon wat vertroue of aansien geniet. Hierdie figuurlike betekenis in Nederlands verskil egter enigsins van die Afrikaanse. By gebrek aan bewyse vir die teendeel moet ons dus aanneem dat die gemelde uitdrukking in Afrikaans 'n Anglisisme is.

Trein is in Nederlands ook 'n ou ingeburgerde woord van Franse herkoms, maar toe daar in die 19de eeu spoorweë gebou is, is dit in 'n nuwe betekenis aangewend, aanvanklik in die langer vorm *stoomtrein*. Toe die eerste spoorweg in Suid-Afrika gebou is (1859), was die Kaap egter al lank onder Engelse bestuur. Die Engelse het ook die Franse woord *train* gebruik. Is dit nou die Nederlandse woord wat ons in Afrikaans gebruik of die gelykluidende Engelse? — Ook hier het ons weinig betroubare gegewens om 'n antwoord op te baseer. Dit lyk egter waarskynlik dat ons hier die Hollandse woord het, omdat die naam van die nuwe uitvindsel vermoedelik in 1859 al goed bekend was in Suid-Afrika, uit koerante en gesprekke. Maar later het die *trem* gekom, wat minder opsienbarend was. In hierdie geval weer het die naam waarskynlik eers met die ding saam gekom en nie via Holland nie.

In die geval van hierdie twee woorde is die regte antwoord van geen praktiese betekenis nie, want die resultaat bly in Afrikaans maar dieselfde, maar in ander soortgelyke gevalle het die direkte Engelse herkoms van 'n woord aanleiding daartoe gegee dat ons 'n eie Afrikaanse naam vir die dinge gevind het. Vergelyk *tikmasjien* en *rolprent*.

Die woord *agter* gebruik ons gewoonlik alleen om plek aan te dui: *hy staan agter die boom*, en so word dit ook in Nederlands gebruik. Ons is dus al dadelik gereed om die uitdrukking: *jy moet agter skool bly*, as 'n Anglisisme te beskou. Maar as ons weet dat *agter* in Middelnederlands ook van tyd gebruik kon word, en dat daardie gebruik nog in die 17de eeu in Nederlands voortgeleef het, dan het ons rede om te twyfel. Party sal miskien wil aanvoer dat as ons hier met 'n ou Hollandse gebruik van die woord te doen gehad het, dit algemeen sou gewees het in Afrikaans, terwyl dit in werklikheid maar sporadies voorkom en plaaslik beperk is.

Maar dis juis 'n bekende verskynsel dat sulke ou Hollandse vorme—veral die wat nie die stempel van die Algemeen-Beskaafde taal gekry het nie—dikwels gewestelik of in beperkte kringe in Afrikaans voortgeleef het. Vergelyk op die gebied van die uitspraak bv. vorme soos *ken* en *kin*, *prent* en *print*, *omtrent* en *omtrint*, *met* en *mit*, ens. naas mekaar; *ken* naas *kan*, *sil* naas *sal*, *leegte* naas *laagte*, ens. Hierdie oorweging bring ons dus niks verder nie.

Die enigste wat vir ons oorbly, is dus om na te gaan in watter Afrikaanse kringe hierdie gebruik van *agter* voorkom. Is dit in kringe wat sterk onder Engelse invloed staan of gestaan het? Die feit dat die skool in die vroegste tydperke van ons geskiedenis nie 'n baie belangrike rol in ons volkslewe gespeel het nie en in die 19de eeu 'n uitstralingsgebied van Engelse invloed was, is waarskynlik 'n aanwysing dat ons hier werklik met 'n Anglisisme te doen het. Tog sou 'n nader ondersoek van die kringe waarin hierdie gebruik

van die woord gangbaar is, en hulle voorgeskiedenis, nie oorbodig wees nie. Aangenome egter dat dit 'n Anglisisme is, moet ons daarop wys hoe maklik dit aansluit by 'n goeie Afrikaanse uitdrukking soos: *Jy moet agterbly.* Daarenteen is daar geen ou Hollandse segswyse waarop 'n ander uitdrukking met *agter*, nl. *jy moet agter die kinders kyk*, kan teruggaan nie. In hierdie geval kan ons dus sonder aarseling sê dat ons met 'n Anglisisme te doen het.

Algemene reëls kan vir die oplossing van sulke moeilikhede nie neergelê word nie. Elke geval moet op sigself beoordeel word met inagneming van alle omstandighede.

HOOFSTUK III

LEENWOORDE IN NEDERLANDS

Baie van ons alledaagse woorde is nie Germaans van oorsprong nie. Dit is vir 'n groot deel woorde wat ons voorouers van Latyn en later van Frans en ander Romaanse tale oorgeneem het. Ons het hulle van Nederlands geërf. Hulle het 'n bestanddeel van ons woordeskat geword en ons besef nie eens meer dat hulle van vreemde herkoms is nie, tensy ons taalstudie gedoen het.

Die oorneem van Latynse woorde deur die Germane begin al baie vroeg in die middeleeue, nog voor ons voorouers hulle in die Nederlande gevestig het. Die woorde wat toe oorgeneem is, het veral betrekking op die boukuns en die landbou, bedrywighede waarin die Romeine verder gevorder was as die Germane.

Later word die Latynse invloed voortgesit deurdat Latyn die taal van die Kerk en die kloosters, van die regering en die wetenskap geword het. Die Latynse woorde was dus oor die algemeen name van nuwe begrippe. Vandaar dat ons geen ander woorde besit vir *roos*, *lelie*, *peer*, *perske*, *pruim*, *kerk*, *altaar*, *kansel*, *orrel*, *fees*, *skrywe*, *dig*, *skool*, *pen*, *brief*, *vers*, ens. nie, wat almal aan Latyn ontleen is.

Deur Latynse bemiddeling is ook Griekse woorde geleen soos *priester*, *evangelie*, *aalmoes*. Vir sover hierdie woorde in die volkstaal opgeneem is, bekommer ons ons nie oor hulle nie. Hulle is ingeburger en word nie meer as vreemd aangevoel nie. Met die geleerde woorde is dit egter anders gesteld. (Kyk hieronder).

Die invloed van Frans op Germaans begin ook al vroeg in die middeleeue, en in die Nederlande het dit aangewas tot 'n magtige stroom. Dit het gekom deur persoonlike kontak tussen Nederlands-

en Fransprekendes, deur die aansien waarin die Franse ridderskap gestaan het, deur die invloed van die hoogstaande Franse literatuur, en deurdat daar Franse vorste oor dele van die Nederlande geregeer het.

Vanaf die 16de en 17de eeue was daar 'n bewuste strewe om hierdie Franse woorde te weer, en hierdie strewe het ook 'n mate van sukses gehad, sodat die 17de-eeuse literatuurtaal en die taal van die Statebybel redelik suiwer is, maar die regs- en regeringstaal het deurspek gebly met Franse en Latynse woorde met vernederlandste uitgange.

In die 18de en 19de eeue bly die sterk Franse invloed voortduur en wen dit in Noord-Nederland selfs veld. So groot was die Franse invloed dat 'n mens nie sterk oordryf as jy sê dat feitlik die hele Franse woordeskat op een of ander tyd in Nederlands gebruik is nie. Dis 'n invloed wat kan vergelyk word met die hedendaagse invloed van Engels op Afrikaans. So veel Franse woorde is gebruik dat vernederlandste Franse uitgange soos *-ier*, *-aal*, *-ij*, *-age*, *-aard*, *-teit*, *-es*, *-ist*, *-eren* al baie vroeg aan suiwer Nederlandse woorde geheg is. In hierdie opsig het die Franse invloed dus nog dieper op Nederlands ingewerk as wat tot nog toe die geval met Engelse invloed op Afrikaans is.

Onder die Franse woorde was daar natuurlik ook name vir nuwe begrippe, en party van dié woorde het selfs in Afrikaans egte volkswoorde geword, soos *kous*, *kandelaar*, *familie*, *kollekte*, *sarsie*, *kanallie*, *koerasie*, *astrant*, ens. Andere is egter eenvoudig gebruik omdat hulle vir deftiger of meer verfynd deurgegaan het. Hulle is veral om hulle gevoelswaarde gebruik, maar vir die uitdrukking van begrippe kon hulle ontbeer word. Vandaar dat die stryd teen hulle met 'n hoë mate van sukses gevoer kon word.

Hierby sluit aan die geleerde Latynse woorde—dikwels self van Griekse oorsprong- -waaraan 'n mens in hulle Nederlandse vorm gewoonlik nie kan sien of hulle direk aan Latyn ontleen is of wel deur bemiddeling van Frans of 'n ander Romaanse taal nie. In die

wetenskappe wat in die middeleeue al bekend was, is die Latynse terminologie die oudste, sodat terme soos *nomen* (naamwoord), *verbum* (werkwoord), *pronomen* (voornaamwoord), *casus* (naamval), *genus* (geslacht), *advokaat* (voorspraak), *rhetorica* (redekunst, welsprekendheid), *dialectica* (redekaveling), *philosophie* (wijsbegeerte), *arithmetica* (rekenkunde), in Nederlands vertaal moes word. Later ontstaan nuwe wetenskappe met 'n Grieks-Latynse terminologie wat gewoonlik ook in Nederlands vertaal word: *chemie* (scheikunde), *zoölogie* (dierkunde), *geographie* (aardrijkskunde). Die gevolg is dat ons vandag in die wetenskappe gewoonlik oor 'n dubbele stel terme beskik, een van Latyns-Griekse en die ander van Germaanse oorsprong.

Hierby sluit ook aan die Latyns-Griekse name waarmee moderne uitvindsels en handelsartikels die wêreld ingestuur word en wat ons meestal deur Engelse kanale bereik. Baie van hierdie terme het egte volkswoorde geword, soos: *telefoon, telegraaf, bioskoop, asperien,* ens.

Watter standpunt moet ons teenoor sulke woorde inneem?

Dit spreek vanself dat dit vrugteloos sou wees om ons te verset teen die wat reeds ingeburger is. Buitendien het die algemene publiek geen seggenskap oor die name van handelsartikels nie. Die dubbele stel wetenskaplike terme moet beskou word as 'n verryking van ons taal, want die Germaanse terme stel ons in staat om teenoor beginners vakterme te gebruik wat hulle dadelik verstaan, terwyl die internasionale 'n maklike oorgang vorm tot die begryp van vakliteratuur in ander tale.

Baie van die ander woorde het egter ook reeds 'n vaste plek in ons taal verower en is ten volle ingeburger. Dikwels is hulle meer gebruiklik as die Germaanse terme. Hulle maak betekenisdifferensiasie moontlik (vergelyk: *beeltenis, portret, skildery*). Hulle stel ons in staat om 'n gevoelstoon weer te gee of 'n stempel op ons styl af te druk (vergelyk woorde soos *chic; religie* naas *godsdiens;*

historie naas *geskiedenis*). Hulle gee ons die beskikking oor 'n ryk sinoniemeskat waarmee ons afwisseling kan bring in woord en klank.

En tog moet hulle spaarsaam en met oorleg gebruik word. Die veelvuldige gebruik daarvan maak ons styl pedanties en belaglik. Dit laat die eie middele tot uitbreiding en verryking van ons taal (soos afleiding en samestelling) in onbruik raak. Daardeur moet ons taal aan buigsaamheid en plooibaarheid inboet.

Daar ons feitlik geen direkte kontak met Frankryk het nie, bestaan daar geen gevaar (soos in Nederland en Vlaandere) vir die verfransing van ons taal nie, maar deurdat hierdie terme gewoonlik ook aansluit by die ooreenkomstige Engelse woorde, lewer hulle die gevaar op dat hulle daartoe kan bydra om ons onderskeidingsvermoë tussen Afrikaans en Engels te laat verloregaan.

Ook van ander tale het Nederlands woorde geleen wat Afrikaans weer van Nederlands oorgeërf of oorgeneem het. Daar is bv. woorde soos *sig* (bv. in *op sigself*), *gans*, *sidder*, *skans*, *louter*, *vernuf*, *noodwendig*, *bydrae*, *deelname*, ens. wat van Duits afkomstig is. Daar is woorde soos *bankrot*, *netto*, *bruto*, *opera*, *tenoor*, *sopraan*, *villa*, *akwarel*, *soldaat*, *korporaal*, *barak*, wat Nederlands óf direk óf deur bemiddeling van Frans aan Italiaans ontleen het. En ook uit ander tale is daar kleiner groepies. Maar hierdie ontleninge is iets van die verlede en lewer geen ernstige gevaar vir ons taal op nie. Die versigtigste moet ons nog wees met Duits, want die invloed daarvan op Nederlands is sterk en duur voort, en deur die eendersheid van die twee tale is hierdie invloed dikwels moeilik te herken.

Hoofstuk IV

AFRIKAANSE ONTLENINGE AAN ANDER TALE

In Suid-Afrika het ons voorouers ook reeds van die vroegste tye af geleen van dié tale waarmee hulle in aanraking gekom het.

Van die Hottentotte het ons, afgesien van plekname, woorde gekry soos *karee*, *dagga*, *boegoe*, *ganna*, *baro*, *kambro*, *koekemakranka*, *gogga*, *kwagga*, *oorbietjie*, *karos*, *kierie*, *gorra*, *abba*, *hoeka*, ens., en uitroepe soos *gã*, *soe*, *gonna*, *ẽ* en *hẽẽ*.

Uit Frans het ons onder direkte invloed van die Hugenote 'n paar vrugtename geleen: *bermot(sersan)*- en *sermeinpeer*, *paweeperske*, *pompemoer*.

Van ons Duitse voorouers het ons in Suid-Afrika wel enkele kragterme oorgeneem soos *by my siks*, *uitwiks*, *oorwaks*, *niksnuts*, *swernot(er)*, hoewel party moontlik al uit Nederland saamgebring is. Ook 'n paar militêre terme soos *laer* en *werda*, en 'n paar ander terme soos *dan en wan* en *stols*. Party daarvan is uit Hoogduits en ander uit Platduits afkomstig.

In Afrikaans is daar ook 'n groep basterwoorde, party waarvan van Portugees en ander van Maleis of ander oosterse tale afkomstig is. Etimologies lewer hierdie woorde groot moeilikheid op. Hulle het meestal voorgekom in die gebroke Portugees (teenswoordig dikwels genoem Maleis-Portugees) wat in vroeër dae in die Ooste gebruik is. Dit was 'n mengeltaal wat sterk Maleise en ander oosterse elemente bevat het. Hierdie taal was in die sewentiende eeu nie onbekend aan die Kaap nie. Baie seelui en veral oosterse slawe het dit geken. Maar dan was daar ook hoë amptenare wat 'n beter soort Portugees, en Maleise bannelinge wat suiwer Maleis gepraat het. Oosterse name vir oosterse voorwerpe en begrippe is

egter ook deur Nederlandse seelui gebruik, en soms het hulle oorgegaan in die Nederlandse algemene taal. Ons weet dus dikwels nie met sekerheid te sê of ons sulke woorde uit die Nederlandse seemanstaal, of uit algemene Nederlands, of uit die sg. Maleis-Portugees, of uit suiwer Maleis gekry het nie. Dis name van kos-soorte soos *atjar*, *blatjang*, *bobotie*, *borrie*, *bredie*, *sambal*, *sosatie*, *mebos*, en in verband met toordery soos *doepa* en *paljas*, en verder woorde soos *baie*, *tamaai*, *nooi*, *aia*, *pierinkie*, *kabaai*, *karba*, *pondok*, *ramkie*, *sambreel*, *jamboes*, *katjiepiering*, *nartjie*, ens.

Aan hierdie tale het ons ook barbarismes te danke. Hottentotse invloed is in hoofsaak tot die taal van kleurlinge beperk. So hoor 'n mens bv. onder die Griekwas konstruksies soos: *die honde staan-lê blaf; Griekwa se kind lê-staan lees die koerant; ek se vrou*, ens. Maar onder die blankes van die noordwestelike Kaapprovinsie word bv. ook gepraat van *pa-goed* en *Oom Koos-goed* en word gesê: *hy het die berg ge-oor* of *ge-uit* vir *oorgegaan* of *uitgegaan*.

Ons woorde *kleinneef* en *kleinniggie* is waarskynlik na die model van die Franse *petit-neveu* en *petite-niece* gevorm (Ndl. *achterneef* en *achternicht*); *deuskant*, *anderkant*, *oorkant*, *bokant*, *onderkant*, *binnekant*, *buitekant* na die model van Duits *diesseit*, *jenseit*.

Samestellinge soos *pa-hulle*, *Oom Piet-hulle* het ons uit die gebroke Hollands van die Negerslawe oorgeneem. Die model vir herhalinge soos: *hy loop staan-staan; hy drink die medisyne so bietjie-bietjie; hulle kom een-een aan; hulle speel tol-tol, voetjie-voetjie*, is in Maleis te vinde. Dit het miskien deur bemiddeling van die Maleis-Portugees van die slawe na ons toe gekom. Aan Maleis-Portugees moet ook toegeskrywe word die gebruik van *se* by tydsbepalinge soos in *nou se dae* en *vanmelewe se dae*, en die uitbreiding van die gebruik van *vir* tot konstruksies soos: *gee dit vir hom; hy sal die brief vir my stuur* en soos: *ek sien vir hom* en *hy het vir my geslaan*. Waar-skynlik het Maleis-Portugese invloed ook iets te doen met die gebruik van die Nederlandse selfstandige naamwoorde *honger*, *dors*, *skaam*, *spyt*, *lus*, *vaak*, *hartseer*, *kortasem*, *windmaker* as byvoeglike naam-

woorde in Afrikaans in *ek is honger*, *dors*, ens., hoewel ook ander invloede kan meegehelp het om die oorgang tot stand te bring. (Vgl. Bosman: *Oor die ontstaan van Afrikaans*, bl. 83-87; J. J. le Roux: *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, bl. 163-164).

Hierdie basterwoorde en barbarismes het almal reeds 'n vaste bestanddeel van ons taal geword en daar kan dus geen beswaar meer teen gemaak word nie. Hulle maak egter maar 'n baie klein deeltjie van ons taalvoorraad uit en lewer geen gevaar vir ons kultuur op nie.

Ook die vry aansienlike aantal Hottentotse woorde soos *tnou* (klipplaat), *ou* (gee), ens. wat in die noordweste van die Kaapprovinsie gebruik word, kan ons met gelykmoedigheid aanskou, want hierdie invloed is plaaslik beperk en het nie veel kans om dieper deur te dring nie.

Die Bantoewoorde wat in Afrikaans gebruiklik is, is tot nog toe in hoofsaak beperk tot enkele name van plante, diere en insekte wat ons by die inboorlinge leer ken het, soos *tambotie*(*boom*), *na*(*boom*), *maroela*, *tsetse*(*vlieg*), *mamba*, en van begrippe wat in hulle eie maatskappy tuishoort, soos *indaba*, *indoena*, *impie*, *amalaita*, *lobola*.

Deur die groot sosiale verskil is daar nie veel gevaar vir diepgaande invloed nie en is dié invloed wat daar wel is, byna uitsluitlik beperk tot dié streke waar kennis van die inboorlingtale vry algemeen is. Dit is dus nie te verwagte dat baie woorde die lewensvatbaarheid van *aikona* sal vertoon nie.

HOOFSTUK V

LEEN- EN BASTERWOORDE UIT ENGELS

Ek wil net vlugtig daarop wys dat die omvang van die gebruik van leen- en basterwoorde van sosiale sowel as psigologiese faktore afhang. Hierdie woorde kom dus die meeste voor in dié gebiede waar daar die meeste persoonlike kontak is tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, dus in die Oostelike Provinsie van die Kaap, in Natal, in die groot stede, in regeringskantore, in Engels- en dubbelmedium-skole. Verder in dié vertakkinge van die samelewing waar die Engelse sedert die begin van die 19de eeu 'n oorwig gekry het.

So is daar 'n Engelse regeringstelsel ingevoer. Vandaar woorde soos *empire, dominion, speaker, sergeant-at-arms, koukus.* Daarmee het gepaard gegaan die verengelsing van die regspraak: *juts* (regter), *jurie, koort* (hof), *detektief* (speurder), *poliesman* (diender, konstabel).

Die 19de en 20ste eeue is bekend vir die reorganisasie van instellinge soos die poswese en die vervaardiging van nuwe verkeersmiddele deur stoom, deur elektrisiteit en deur inwendige verbranding aangedrywe. Hierdie nuwe dinge het deur Engelse kanale na ons toe gekom. Vandaar woorde soos *stemp* (seël), *posorder, cab, spaider, enjin, platform, trok, tonnel, trem, motor(kar), lorrie, petrol, gear,* ens. Ook die hotels het in Engelse hande gekom. Vandaar: *bar, barmaid, bottelstoor, dining saloon,* ens.

Die handel is verengels. Ons kry dus Engelse geld: *pennie, trippens, sikspens, sieling, halfkroon,* Engelse mate: *boesel, gelling (gallon), jaart,* en 'n Engelse handelsorganisasie: *tjek, trust, tender, boikot,* ens. Nuwe artikels wat ingevoer word, bring hulle Engelse name saam: *ghries, polish, stud, kondensmelk, oatmeal, suspenders, bloomers, dressinggown, skirt,* ens.

Ou industrieë het in Engelse hande oorgegaan en nuwes is deur Engelse gestig. So kry ons *jamfabrieke*, *dresmakers* en *spanners* (sleutels). Veral speel die mynbedryf en delwerye 'n groot rol: *kleim*, *diggings* (*dikkens*), *gravel*, *compound*, *roebie* (robyn), *shif* (skof), *gravitate* (graviteer), ens.

Die skole en universiteite dra baie by tot die verengelsing. Die gevolg is dat baie Afrikaners bv. 'n Engelse uitspraak gee aan gewone aardrykskundige name. Dit is geen seldsaamheid om selfs opgevoede Afrikaners te hoor praat van *Brussels* (vir *Brussel*) en *Poland* (vir *Pole*) nie. Die *Barents* van *Barentssee* word met die aksent op die tweede deel van die woord uitgespreek. Van goeie Vlaamse name soos *Antwerpen*, *Gent*, *Leuven*, *Duinkerken*, word 'n verengelste Franse uitspraak nageboots. Vir name van plekke in ander lande word eenvoudig die letters van die Engelse spelling volgens die Engelse klankwaarde uitgespreek. Die Engelse wetenskaplike en kunsterme is aanvanklik op ons universiteite ingevoer en moes op dié inrigtinge wat verafrikaans is, moeitevol plek maak vir 'n Afrikaanse terminologie, dikwels by wyse van onbeholpe vertalings.

Engelse kinderspeletjies is ingevoer met hulle Engelse name en terminologie: *aspaai*, *rounders*, *leap-frock*, *kieps*, *knuckle-down*. Die vakterminologie in verband met allerlei soorte sport, soos *voetbal*, *krieket*, *gholf*, was aanvanklik Engels en Engelse terme het die ou Hollandse verdring by die kaartspel, skaakspel, biljart, ens.

Selfs die taal van ons boerderybedryf is deurspek met Engelse name vir ingevoerde artikels en in verband met die bemarking van produkte: *cultivator*, *ghrob*, *black prince*, *grape fruit*, *custard apple*, *tray* (vrugtekissie), *tractor* (trekker), *fertiliser* (kunsmis), *dip*, *donkie*, *shorthorn*.

Engelse woorde moet dikwels dien om 'n bepaalde gevoelskleur weer te gee. So het daar in die 19de eeu die gewoonte ontstaan om te praat van *miss* en *missies*, *uncle*, *auntie* en *daddy*, en om voorname te verengels, omdat dit netjieser sou staan. Engelse kragterme word graag aangewend: *fool*, *demmet*, *desset*, *bleddie*, *bloeming*, *bodder*,

nonsens, *olrait*. Daarnaas kan die Engelse woord ook dien as versagting of eufemisme: *nappies*, *bib*, *W.C.* By die vryery is die Engelse woord dikwels die gevolg van skugterheid en het dit dus ook 'n eufemistiese kleur: *darling*, *dear*, *true*, *sweet*, *slow*. Soms weer dien die Engelse woord om persone en toestande raak te tipeer (vgl. *Ampie* van Van Bruggen), of om sarkasties te wees (vgl. *Doppers en Filistyne* van Langenhoven).

Ons kry dus die beeld van 'n uitgebreide Engelse taal-invloed op alle vertakkinge van ons samelewing. En tog, as ons ons afvra wat die aard van die invloed is, dan kan ons met dr. Rousseau (*Afrikaans en Engels*) konstateer dat dit tot nog toe baie wyd maar betreklik vlak is.

Die aantal Engelse woorde wat onbetwisbaar 'n blywende plek in ons taal verower het, is gering. Onder hulle vind ons die internasionale woorde, soos *telefoon*, *telegram*, *trem*, *motor*, ens. wat nie onvoorwaardelik afgekeur kan word nie (kyk hfst. III). Dan is daar enkele terme in verband met regering en regspraak, soos *speaker*, *koukus*, *jurie*. Name van munte en mate, soos *pennie*, *trippens*, *sikspens*, *sieling*, *halfkroon*, *gelling*, *jaart*, kan nie ontbeer word nie. Hulle dra ook reeds 'n offisiële stempel, asook woorde soos *posorder*, *posmeester*, *platform*, ens. Ook enkele ander leenwoorde in verband met handel en industrie, soos *tjek* en *kleim*, het vaste wortel geskiet, maar van die artikels wat gedurende die afgelope anderhalwe eeu van oorsee af na ons toe gekom het, het baie, soos *bokkie*, *spaider*, *cab*, *briek*, *combination*—reeds weer uit die mode geraak, sodat hulle name besig is om vanself uit te sterwe. Name van sportsoorte soos *krieket*, *gholf*, *voetbal* en *tennis* het gevestig geraak, maar nie die vakterminologie nie. Woorde wat ter wille van die raak tipering of sarkasme aangewend word, kom uiteraard alleen maar okkasioneel voor. Dié wat dreig om deur hulle besondere gevoelskleur 'n permanente plek te verower, is gering in getal:

bodder, *boelie*, *robbies*, *snob*, ens. en miskien 'n paar vloekwoorde.

Hierteenoor kan ons stel dat ons deur groter taalbewussyn daarin geslaag het om goeie Afrikaanse woorde in die plek te stel van massas Engelse name vir nuwe artikels en nuwe bedrywighede, name dus wat reeds 'n bepaalde voorsprong gehad het. Hoe is ons skool- en wetenskaplike taal nie reeds gesuiwer deur die verbeterde en meer uitgebreide Afrikaansmedium-onderrig nie? Watter geweldige vooruitgang het die suiwering van ons sportterminologie, met behulp van die pers, nie reeds gemaak nie? Het nie selfs alledaagse woorde wat 'n dertig, veertig jaar gelede tot die gewone omgangstaal van die Afrikaner behoort het, soos *missies* vir *mevrou*, *miss* vir *juffrou*, *juts* vir *regter*, *koort* vir *hof*, *ticket* vir *kaartjie*, *stemp* vir *seël*, *merke* vir *punte* of *syfers*, in onbruik geraak of tot die kringe van die afgedwaaldes of minderontwikkeldes afgedaal nie?

Die vreemde woord is in party gevalle beveg deur die ou Nederlandse of Afrikaanse in ere te herstel. In ander gevalle is die toevlug tot vertaling geneem. Soms was dit 'n woordelike vertaling (leenvertaling): *stadsklerk*, *stadsaal* (i.p.v. *stadhuis*), *draadloos*, *posmeester*, *poskaartjie*, *korthoring*, *strafskop*. Soms was die resultaat 'n hidridiese woord: *bottelstoor*, *horssweep*. Maar dikwels het ons ook daarin geslaag om gelukkige vondste te maak, die gevolg van oorspronklike eie siening: *rolprent*, *tikmasjien*, *skepskop*, *haakspeld*, *toebroodjies*, *naweek*, ens.

Die gevolg van hierdie puristiese strewe is nou dat in die meeste gevalle die Engelse woord nog nie heeltemal verwyder is nie, maar altans 'n harde stryd moet voer teen die Afrikaanse; en hier blyk weer hoe die taalbewuste, ontwikkelde Afrikaner beter in staat is om die eiegoed te handhaaf as die minder ontwikkeldes. Vandaar dat Engelse woorde soos *roebie* (*robyn*), *bybie* (sif), *rofkas* (Eng. *rough-cast*), so maklik ingang vind by laasgenoemdes.

Van dié woorde wat gebruiklik word in die onderste volkslae en van dié wat deurdring in meer algemene gebruik, word die uitspraak gewoonlik ook aangepas by Afrikaanse spreekgewoontes. Dis hierdie laaste groep wat die beste aanspraak kan maak op erkenning as basterwoorde. Ons is tereg karig met die toekenning van hierdie burgerreg, maar wanneer dit eenmaal geskied, dan spel ons hulle ook, sover moontlik, op Afrikaanse manier, sodat alle uiterlike tekens van hulle vreemde herkoms uitgewis word: *voetbal*, *ghries*, *brekfis*, *boesel*, *gelling*, *nonsens* (*nonsies*), *skorsies* (Eng. *squash*), *enjin*, *poeding*.

In party gevalle was die resultaat van die klankomsetting gelykluidend met 'n bestaande Nederlandse woord. Dan kon die ou woord in 'n nuwe betekenis gebruik word: *magistraat* (= in Nederlands „owerheidspersoon"), *konstabel* (= in Nederlands „kanonnier"). Kyk ook benede onder Barbarismes.

* * *

Dit is dikwels beweer dat kortheid 'n rede vir die behoud van 'n vreemde woord is. Hierdie bewering dring egter nie tot die kern van die saak deur nie. Ons woord *versnel* is bv. korter as die Eng. *accelerate* en *oorweging* is korter as *consideration*, en tog word hierdie woorde nie in Engels oorgeneem nie. Kortheid bevorder alleen die neiging tot behoud van 'n leenwoord as hy hom reeds om ander redes aan ons opdring. Daar is geen intrinsieke rede waarom ons liewers *show* sou gebruik as *tentoonstelling*, *brand* as *handelsmerk*, *pram* as *kinderwaentjie* nie, net so min as daar so 'n rede is waarom die Engelse liewers *versnel* sou gebruik as *accelerate*.

Wanneer 'n nuwe ding egter met sy Engelse naam ingevoer word, dan word dit moeiliker om dié naam deur 'n Afrikaanse te vervang as die Afrikaanse lank of omslagtig is. Ook gebeur dit dikwels

dat onderskeidinge in die een taal gemaak word wat nie gebruiklik is in die ander taal nie. Om dieselfde onderskeiding in die ander taal te kan maak, word dit dan soms nodig om omslagtige omskrywinge te gebruik, maar die behoefte aan so 'n onderskeiding word eers gevoel deur bekendheid met die eerste taal.

Hier volg 'n paar voorbeelde van sulke Engelse woorde wat moeilikheid opgelewer het. Omdat die woord *petrol* die eerste in die veld was, was dit nie waarskynlik nie dat dit sou plek maak vir *benzine* (Afr. *hensien*) wat in Holland gebruik word maar daar ook 'n leenwoord is. Daarenteen is daar geen intrinsieke rede waarom 'n samestelling met *olie*, soos *dryfolie* of *gasolie*, nie gebruik sou word nie. Alleen het die eerste woord ingeburger geraak voordat een van die ander die volksfantasie beetgepak het.

Stud lyk kort vergeleke met (*los*) *hemps-* of *boordjie-* of *nekknopie*, en tog praat ons ewe maklik van *broeksknope*, *bloesknopies* en *perlemoenknopies*. Die eerste woord het sy houvas alleen daaraan te danke dat sy naam met hom saam ingevoer is, dat hy dus eerste in die veld was. Sy maat, die *suspender*, d.i. *sokkie-* of *kous(op)houer*, kan nie eens aanspraak maak op kortheid nie, maar het dieselfde soort eersgeboortereg.

Die woord *flat* het 'n nuwe onderskeiding ingevoer wat moeilik was om in Afrikaans weer te gee sonder 'n lang omskrywing. Nou lyk dit tog of *woonstel* algemeen gaan word. Daar is ook gesukkel om die begrip *semi-detached* (*cottages*) in Afrikaans weer te gee. Ons kom waarskynlik die verste as ons die begrip van 'n ander kant benader en praat van *aanmekaargeboude* (*huisies*). *Kondensmelk* en *kosprys* (verbasteringe van Eng. *condensed milk* en *cost price*) het hulle lewensvatbaarheid aan onkunde te danke. *Gekondenseerde melk* pas uitstekend by die Afrikaanse taaleie, en noudat die Afrikaner hom meer en meer op die handel toelê, is die lewenskanse

van *inkoopsprys* uitstekend, as handelsonderneminge die woord maar in hulle geskrifte wil gebruik.

Ons kom dan tot die slotsom dat, ondanks die geweldige uitgebreidheid van die Engelse invloed op Afrikaans, dit nog nie sover gegaan het dat ou Afrikaanse woorde onherroeplik deur Engelse verdring is nie, dat die aantal Engelse name vir nuwer dinge en bedrywighede wat kan aanspraak maak op permanente burgerreg, betreklik gering is; maar dat die Afrikaanse woord op baie uitgebreide skaal teen die Engelse leenwoord moet veg om die voorrang. 'n Groot hulp in hierdie stryd is dat die Engelse woord gemaklik—veral deur geleerdes—aan sy uiterlik as 'n vreemdeling herken en gevolglik geweer kan word. Anders is dit egter gesteld met die barbarisme.

Hoofstuk VI

BARBARISMES UIT ENGELS

Vir die Afrikaner wat gesteld is op taalsuiwerheid, is die barbarisme van Engelse herkoms, of Anglisisme in die enger sin van die woord, 'n gevaarliker vyand as die Engelse leenwoord, want in teëstelling met laasgenoemde verraai sy uiterlik hom nie dadelik nie. Die barbarisme sluip ongemerk binne en kan selfs welig tier in die taal van nougesette skrywers of sprekers aan wie hulle nie spesiaal aangewys word nie.

Soos van die Engelse leenwoorde kan ook van hierdie barbarismes gesê word dat hulle invloed tot nog toe nie diepgaande is in Afrikaans nie, maar hulle kom so veelvuldig en op so 'n uitgestrekte gebied voor dat dit 'n onkeerbare stroom word wat met verloop van tyd al dieper en dieper sal indring.

Die opmerking is weleens gemaak dat ieder maar sy eie lysie van Anglisismes—sommige eg en andere gewaand—daarop nahou, maar dat geen poging aangewend word om hulle stelselmatig te beveg nie. So 'n poging kan ook nie in die bestek van hierdie opstel aangewend word nie, want daarvoor sou 'n mens minstens 'n lywige boek nodig hê. Al wat ek hier kan doen, is dus maar om die aandag op 'n aantal van die mees voorkomende tipes te vestig. Die sinne wat hieronder aangehaal word, is egter haas almal geneem uit vooraanstaande koerante en tydskrifte wat oor die algemeen goed versorgd is, uit die werke van bekende skrywers, uit nuusberigte oor die radio, uit offisiële stukke van belangrike handelsonderneminge. Daaruit sal blyk hoe onmoontlik dit is om selfs te onderskei tussen „skoolkinder-

anglisismes" en die onbewaakthede van skrywers met literêre pretensies, want wat 'n mens graag onder die eerste rubriek sou klassifiseer, krioel ook in die geskrifte van laasgenoemdes.

'n Bekende professor maak—afgesien van ander onbeholpe vertalings—gedurig gebruik van 'n Engelse woordorde. Op een kort bladsytjie van 'n propaganda-artikel gebruik hy bv. die volgende sinne: „Ook die Hollandse Kerke in Suid-Afrika, as hul trou is aan hul tradisie, sal hiermee saamstem" (Afrikaans: .... sal, as hul trou is aan hul tradisie, hiermee saamstem). — „In die praktyk, weëns politieke pressie, word dikwels daarvan afgewyk" (Afrikaans: .... word, weens politieke pressie, dikwels daarvan afgewyk). — „Daar is die rigting van Christelike handeling tot die Jode aangedui". As 'n mens hierdie laaste sin terugvertaal, dan blyk dat die bedoeling ongeveer moet wees: „Daar is die rigting van Christelike gedrag teenoor die Jode aangedui".

'n Vooraanstaande predikant skryf in die loop van 'n enkele artikel: „Ons was getref deur die stoflose reinheid van alles" (Afr.: is getref). — „Die L. word nie gereken 'n groot vliegtuig te wees nie" (Afr.: Dit word nie gereken dat die L. 'n groot vliegtuig is nie). — „Later het ek geleer (Afr.: uitgevind of ontdek) dat as die pen goed vol gehou word, ... daar minder ontydige ontruiming van ink is". — „Sy spoed is teoreties hoër as die van die L." (Afr.: Sy snelheid is teoreties groter as ens.).

Van die veelvuldige Anglisismes waarop die radio ons trakteer, wil ek voorlopig net twee tipes noem. Die eerste is die anglisistiese gebruik van *so .... as*. Terwyl hierdie verbinding in suiwer Afrikaans 'n blote vergelyking aangee, kan *as .... as* in Engels gebruik word om 'n hoë of lae graad, hoeveelheid of getal van iets te beklemtoon. Die letterlike vertaling van uitdrukkinge met hierdie verbinding is iets wat ons byna daagliks oor die radio hoor en in vertaalde pers-telegramme sien, met die gevolg dat dit ook al meer en meer in oorspronklike stukke voorkom en dreig om vaste voet in ons taal te kry. Ek bedoel in sinne soos: „Daar het soveel

as honderd vliegmasjiene opgestyg" (in plaas van: nie minder as honderd vliegmasjiene nie). — „Daar is selfs soveel as 12,000 paar kouse vir die swart mark vervaardig" (i.p.v.: nie minder as 12,000 paar nie). — „Hy het soveel as 1,600 voet opgestyg" (nie minder as 1,600 voet nie). — „Hulle het so laag as 40 voet gedaal" (tot 40 voet toe gedaal). — „In sommige plekke is sover as 'n myl gevorder" (nie minder as 'n myl nie, of: 'n hele myl). — „In die 9de eeu versprei die Slawe hulle sover na die weste as die vlaktes van Noordwes-Duitsland" (. . . . versprei die Slawe hulle na die weste tot selfs by die vlaktes van Noordwes-Duitsland). — „Die pryse van die kuikens het met soveel as 50% gestyg" (tot 50% toe gestyg). Hierdie verbinding word selfs aangewend in andersgeaarde anglisistiese konstruksies soos: „Dis soveel anders as wat hy verwag het" (so glad anders). — „Soms het ons selfs sover gegaan as om die grense van ons land te oorskry" (. . . . sover gegaan dat ons die grense ens.).

Ten tweede wil ek die samestellinge met *-rivier* noem, wat teenswoordig so veelvuldig uitgesaai word dat 'n mens se ore daarvan tuit. Ons hoor daagliks van *die Saarrivier*, *die Maasrivier*, *die Rynrivier*, *die Donaurivier*, ens. Hierdie bekende Europese strome het nooit „rivier" as deel van hulle name gehad nie en hulle het dit nog nie. In goeie Afrikaans moet ons dus, in ooreenstemming met Hollands, praat van *die Saar*, *die Maas*, *die Ryn*, *die Elbe*, *die Seine*, *die Teems*, *die Donau*, ens. Selfs die Engelse praat van *The Thames*, *the Mersey*, *the Hudson*, *the Mississippi*, *the Amazon*, ens. Wanneer dit egter nodig is om vir onkundiges te verduidelik dat hulle met 'n rivier te doen het, dan sit ons *rivier* (soos trouens ook dikwels in Engels) voor die naam en nie daaragter nie, en sê dus: *die rivier die Maas*, *die rivier die Ryn*, ens. Die anglisistiese samestelling begin egter reeds deurdring tot ander woorde ook, soos *Walcheren-eiland*, i.p.v. *die eiland Walcheren*.

Dit is wel waar dat ons in Suid-Afrika 'n groot aantal name het met *-rivier* as laaste deel, soos die *Visrivier*, die *Grootrivier*, die *Vaalrivier*, die *Soutrivier*, die *Bergrivier*, ens. Hierdie name was

egter oorspronklik beskrywinge en die eerste deel bestaan uit 'n alledaagse woord. Weglating van *-rivier* sou in sulke gevalle onmoontlik wees, want dit sou bv. dubbelsinnig wees om te sê: „Die vee wei oorkant die Vis". Maar as ons nie met sulke gewone woorde te doen het nie, kry ons strome ook nie die *rivier*-stertjie nie. Dit geld o.a. van name wat uit die inboorlingtale afkomstig is, bv. *die Limpopo, die Kei, die Keiskamma, ens.*

Die Nederlandse of Afrikaanse woorde waarvan 'n Engelse betekenis of gebruik as vas ingeburger in Afrikaans beskou moet word, is gering in getal. Ons het reeds die woorde *magistraat* en *konstabel* vermeld (hfst. V). Hier volg nog 'n paar voorbeelde:

Die gebruik van *wonder* as werkwoord, bv. in *ek wonder waar hy bly*, moet as gevestig beskou word. Hier het ons 'n geval waar die standhoudendheid van 'n woord deur sy kortheid bevorder is. Om dit in suiwer Afrikaans om te sit, sou 'n mens gebruik moet maak van betreklik lang omskrywings, soos *ek sou graag wil weet; ek is nuuskierig om te weet; kan jy my sê*, ens. Vandaar dat die posisie van *wonder* so onaangetas bly.

Dit lyk of die woord *fooi* reeds so algemeen in die sin van „betaling", „beloning", „traktement" (Eng. *fee*) gebruik word dat ons dit as ingeburger moet aanvaar, hoewel daar veel teen in te bring is, daar hierdie betekenis in botsing kom met die ou gevoelswaarde van „*geringe* gif".

Besigheid in die sin van saak, winkel, kantoor, ens. het ook reeds so diep wortel geskiet dat hierdie betekenisse as Afrikaans aanvaar moet word.

Motor in die betekenis van outomobiel het alleen nog maar mededinging te vrees van die langer anglisisme *motorkar.*

Prinsipaal is 'n lelike woord vergeleke met *(skool-)hoof*, maar dit sal in party provinsies, veral die Kaap, moeilik gaan om die gebruik van die woord in hierdie betekenis te bestry, tensy die onderwysoutoriteite beweeg kan word om hulle offisiële terminologie te

wysig. So ook *staf* vir „personeel", wat in Nederlands alleen gebruik word i.v.m. die leër of marine.

Anglisismes wat geen aanspraak op burgerreg kan maak nie, is o.a. die volgende:

Die gebruik van *as sulks* in sinne soos: „Hierdie opmerkinge verdien nie as sulks aanbeveling nie". — „Grensgevalle moet as sulks behandel word". — „'n Woord wat deur een persoon as 'n samekoppeling beskou en as sulks aangevoel word, kan vir 'n tweede persoon 'n los sintaktiese groep wees". In ouer Hollands kom die woord *sulks* voor en wel in die betekenis „sodat", maar *as sulks* is 'n letterlike vertaling van Engels *as such*. Die Afrikaans daarvoor is „as sodanig".

In Nederlands kan in letterlike sin gepraat word van 'n *uitstaande punt* ('n punt wat buitekant die lyn uitsteek) en in figuurlike sin van *uitstaande gelden*. In Afrikaans hoor ons egter ook dikwels van 'n *uitstaande man* of *figuur* in die figuurlike sin dat hy sy medemense oortref, dus 'n *voortreflike, belangrike, buitengewoon knap* man is. Dis 'n maklike oorgang van die letterlike betekenis af, maar in werklikheid is hierdie aanwending van die woord 'n vertaling van die Eng. *outstanding*. Daar die begrip nie maklik met een woord in Afrikaans weergegee kan word nie, het hierdie betekenis van die woord reeds kragtige wortels geskiet, maar dit kan nog nie as ingeburger beskou word nie. Dit lyk of hierdie begrip nie so 'n groot rol by ons voorouers gespeel het soos by die Engelse nie, want ook die sinoniem *prominent* (vooraanstaande) het ons uit Engels geleen. Hierdie laaste woord se aanneemlikheid word verhoog deu sy Franse voorkome, hoewel dit nie in moderne Frans gebruiklik is nie en in Nederlands onbekend is.

Die woord *leeftyd* beteken „ouderdom". Dit is stellig onder Engelse invloed dat dit so dikwels in die betekenis „lewe" (Eng. *life-time*) gebruik word: „Gedurende die helfte van sy leeftyd (d.w.s. *lewe*) het hy binne die party aangehou klim". „Afgesien van

gemeentelike werk tydens haar eggenoot se leeftyd (d.w.s. *lewe*), het sy haar beywer vir verskeie openbare liggame".

Die gewestelike gebruik van *roep* i.p.v. *noem*: „Ons roep hom Jan", sal op dieselfde manier ontstaan het as 'n vertaling van Eng. *call*.

Die transitiewe gebruik van die intransitiewe werkwoorde *groei* en *sink*, soos in: „Ons *groei* (i.p.v. kweek) baie aartappels", en „Hulle het tien skepe gesink" (i.p.v. *laat sink*) is ook aan Engelse invloed toe te skrywe.

Die persoonlike gebruik van *lyk*, bv. in: „Ek lyk dit nie" (hou nie daarvan nie) en „Sal jy lyk om dit te sien?" (Sal jy dit graag wil sien), is nogal wyd verbreid en dit word ook bevorder deurdat suiwer Afrikaans soms langer is, maar ek sou dit nog geensins as ingeburger wil beskou nie. Net so moet *haat* gevolg deur 'n sinsnede met *om*, bv.: „Ek haat om dit te doen" (ek het 'n afkeer daarvan, 'n hekel daaraan; dit steek my in die krop); „Sy haat om kouse te stop", beskou word as 'n lelike Anglisisme.

Hier volg 'n paar monstertjies van „skoolkinder-anglisismes" wat darem ook by grootmense voorkom:

„Hy het goed *uitgedraai*" (Daar het tog nog iets goeds van hom tereggekom).

„Sy het 'n eersteklas-boervrou *uitgedraai*" (geword).

„As hy nie vanaand *opdraai* (opdaag) nie, sal ons baie teleurgesteld wees".

„Waar sou die helfte van ons *ordinêre* (gewone) mans anders vrouens kry?"

„Ek hoop ek onthou *reg*" (onthou dit goed).

„Mag dit jou laaste Kersfees *weg van* die huis wees!" (Kersfees van die huis af wees).

„Veral van Khartoem af loop die water deur 'n digbewoonde *deel*" (streek).

„Hy het daar 'n goeie *lewe* (bestaan) gemaak".
„Ons het nie 'n *spaarkamer* (vry slaapkamer) gehad nie".
„Dit *meen* (beteken) dat ek nie kan saamgaan nie".
„Ek is *angstig* (begerig, nuuskierig) om die nuus te hoor".
„Ons bure gee môre 'n *dans*" (dansparty).
Bekende gevalle waar 'n verkeerde voorvoegsel gebruik word, is:
„Die gebou was pragtig *opgelig*" (verlig).
„Dit kan *opgedeel* (verdeel, ingedeel) word in verskillende dele".
„Ons is baie *opgenome* (ingenome) met die plan".
„Ons het nie gisteraand *ingeluister* (geluister) na die radio nie".
Aan die ander kant lei die vrees vir Anglisismes soms tot oordrewe purisme:

Sommige mense maak beswaar teen die uitdrukking *in die loop van die tyd* (het dit heeltemal verander). Dit sou moet wees *na*, of *met*, *verloop van tyd*. *In die loop des tyds* of *des levens* is egter heeltemal goeie Nederlands, hoewel dit teenswoordig tot die deftige taal hoort. Ook word gepraat van *de loop der jaren*, *de loop der eeuwen*, ens. Die letterlike vertaling van *de loop des tyds* in Afrikaans is *die loop van die tyd*, sodat ons hier glad nie aan Engelse invloed hoef te dink nie, hoewel dit natuurlik kan bygedra het tot die behoud van die uitdrukking. Wanneer egter gesê word *in die loop van tyd*, sonder *die* voor „tyd", dan is Engelse invloed waarskynlik (Eng. *in the course of time*).

Die woord *braaf* het in 17e-eeuse Nederlands gewoonlik „dapper" beteken. In moderne Nederlands beteken dit gewoonlik „flink", „deugsaam", maar in *'n braaf soldaat* waar die twee betekenisse saamval, beteken dit nog „dapper". Ek meen dat „dapper" die algemene betekenis van die woord in Afrikaans is, vir sover daar nie bewustelik onder Nederlandse invloed daarteen geveg word nie, en dat dit die ou Nederlandse betekenis is wat by ons voortleef. Engels kan hoogstens 'n behoudende invloed gehad het.

Bly in die betekenis „woon", bv. *hy bly in Worcester*, kan ook in dieselfde lig gesien word. In die 17de eeu is al gepraat van êrens „metterwoon blijven", en ook word gesê: „Hij verblijft voor twee maanden te W." Die vorme van die woord met en sonder die voorvoegsel *ver-* kan mekaar egter afwissel, bv. aan die end van briewe. Ook sou dit niks ongewoons wees om „metterwoon" weg te laat wanneer die verband dit toelaat nie. Ek meen dus dat ons hier met 'n natuurlike ontwikkeling in Afrikaans te doen het.

As 'n hiperkorrekte vorm beskou ek ook die uitdrukking: „Hiervan *maak* ons die *afleiding* dat . . . . " Die woord *afleiding* word in ander betekenisse gebruik; daar kan bv. gepraat word van die „afleiding van 'n woord", of ons kan sê: „Dit verskaf afleiding", maar in die aangehaalde verband word dit nòg in Nederlands nòg in gesproke Afrikaans gebruik. Skrywers wat dit so gebruik, is waarskynlik bang vir „konklusie trek", maar dan moet hulle maar liewers „'n gevolgtrekking maak".

Wat die vorm van die woorde betref, is een van die sterkste Engelse invloede seker die neiging om 'n aantal samegestelde begrippe wat vir ons taaleie enkele voorwerpe aandui, in navolging van Engels meervoudig uit te druk:

Hy werk in die argiewe—selfs as daar maar een argief is.
Sy het die trappe opgehardloop (i.p.v. die trap).
Hy dra brille (i.p.v. 'n bril).
Sy het tweelinge gekry (i.p.v. 'n tweeling).
Hy het die Victoria-Watervalle besoek (i.p.v. Waterval).
Die kind is twee jare oud (i.p.v. jaar).
Dit is al drie jare gelede (i.p.v. jaar).
Dit is tien voete lank (i.p.v. voet).

Ons adverteerders bevorder dikwels die gebruik van 'n genitief op *-s* wat in Engels *die saak* of *winkel van* aandui, maar in suiwer Afrikaans onbekend is. So word bv. *Cuthberts* se skoene geadverteer i.p.v. *Cuthbert* s'n, en gaan die dames hulle inkopies doen by *Garlicks* of *John Orrs* i.p.v. by *Garlick* of *John Orr*.

In Transvaal is dit baie algemeen in die spreektaal om 'n meervoud op *-s* te vorm van *ander: party sê dit, anders sê dat; daar is nog anders.* Elders word *ander* of *andere* gesê. Hierdie vorm op *-s* kan ontstaan het na analogie van woorde soos *koffers* en *juffers*, maar dit is baie waarskynlik dat Eng. *others* ook sy invloed laat geld het.

Die neiging om *meer* en *mees* te gebruik vir die trappe van vergelyking, staan sterk onder Engelse invloed: *hy was meer lastig as gewoonlik* (i.p.v. lastiger); *sy was die mees vriendelike* of *mees vriendelikste* (i.p.v. vriendelikste) *van almal.*

Die vorm *kamp* of *uitkamp* (i.p.v. kampeer) is ook baie algemeen, bv. in: *ons het gaan kamp, of uitkamp.* Hier het ons natuurlik ook direkte Engelse invloed.

HOOFSTUK VII

SPREEKWOORDELIKE GESEGDES

In Afrikaans word dikwels Engelse spreekwoordelike gesegdes in vertaalde vorm gebruik. Vir sover ons daardeur in staat gestel word om deur middel van beelde uit te druk wat anders padlangs, d.w.s. met die woorde in hulle letterlike betekenis, sou moes weergegee word, kan ons sê dat dit 'n verryking van ons taal is. Verskeie uitdrukkings wat onder hierdie kategorie val, kan dan ook beskou word as ingeburger, soos: *Hy kan sy sterre dank. Elke hond kry sy dag. Dis 'n wit olifant. Op die draad* (*heining*) *sit . . . . 'n draadsitter. Iemand se been trek. Fout vind met iets*, ens.

Minder aanspraak op burgerreg kan uitdrukkings maak soos: *Iemand in die donker hou aangaande iets. Dis 'n perd van 'n ander kleur. In die warm water kom. Iets op die punte van sy vingers ken. Sy blaf is erger as sy byt. Tussen die duiwel en die diep* (*blou*) *see. Jou mes inhê vir iemand. Dis harde lyne. Jy moet jou sokkies optrek. Hy beur vir al wat hy werd is. „Ons, vir ons aandeel* (wat ons betref) *kan nie sien in watter opsig S.A. se belange daardeur gedien word nie". Dis 'n dooie letter. Ek sal dit op daardie lyne behandel. Het jy iets in die lyn van* (van die aard van) *'n sakdoek?*

Daarenteen vul baie Engelse beelde geen leemte aan nie. Hulle word eenvoudig deur die bekendheid met Engels naas die ou Afrikaanse gebruik en dreig om die laaste mettertyd te verdring. Hieronder kan ons noem: *Hy het sy kop verloor* (die kluts kwyt geraak). *'n Graaf 'n graaf noem* (geen doekies omdraai nie; 'n ding by sy regte naam noem). *Die skouer aan* (*onder*) *die wiel sit* (die hand aan die ploeg slaan). *Dis ses van die een en 'n halfdosyn van*

die ander (dis so lank as dit breed is; Ndl. ook: 't Is lood om oud ijzer). *Dit reën katte en honde* (ou meide met knopkieries). *Twee voëls met een klip doodgooi* (twee vlieë met een klap slaan). *Die kat uit die sak laat* (die aap uit die mou laat). *In sy mou* (vuis) *lag. Bloed is dikker as water* (waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit). *Op naalde en spelde sit* (Ndl. op spelden zitten; op hete kole sit). *Hy blaas sy eie beuel* (jakkals prys sy eie stert), ens.

Sulke uitdrukkings voorsien in geen eintlike behoefte nie en in werklikheid is hulle gewoonlik ook nie so gangbaar soos die eerste groep nie. Wel baie gangbaar is: *Iemand oor die kole haal* (iemand roskam), wat nie eens 'n alte helder beeld oproep nie, maar dis nie onmoontlik nie dat ons hier 'n Duitse of miskien selfs 'n ou Nederlandse uitdrukking het waar nuwe lewe ingeblaas is deur Engels. Ook *Bloed is dikker as water* is miskien van ons Duitse voorouers oorgeërf. Origens vertoon dié uitdrukkings wat goed aanpas by die Afrikaanse lewe, soos *Skouer aan die wiel sit*, die meeste lewensvatbaarheid. Die aanneemlikheid van die uitbreiding tot „op naalde en spelde" is daaraan toe te skrywe dat dit krag bysit aan die oorspronklike „op spelde sit".

Sinswendinge

Nie alleen sulke spreekwoordelike uitdrukkinge nie, maar 'n Engelse woordgebruik en Engelse sinswendinge dring ons taal van alle kante binne: *Wat is die tyd* (hoe laat is dit)? *Wat is die datum* (die hoeveelste is dit)? *Altwee van hulle* (hulle altwee) *het dit gesê. Jy moet jou gedagte opmaak* (tot 'n besluit kom). *Wat is die goed* (nut) *daarvan? Ons het maar die gek gespeel* (geskeer). „*Dit was nie voor* 1874 (eers in 1874) *dat vir die eerste maal voorsiening gemaak is om in Kaapstad 'n Normaalkollege tot stand te bring*". „*As dit nie vir hom was nie, dan sou ons almal verongeluk het*" (dis alleen aan hom te danke dat ons nie almal verongeluk het nie). *Hy is 'n arm man* (as arm man) *dood.* „*So veel te beter* (des te beter) *die*

studie". „*Siende dat* (aangesien) *hy onbekend was met die toedrag van sake*". Enkele soos: *Wat* (hoe) *is jou naam*? *Iemand gaan afsien by die trein* (van iemand gaan afskeid neem). *Mag ek jou 'n oomblikkie sien* (spreek)?, is miskien reeds ingeburger. Die sinswending: *Al is dit ook hoe sterk* (*sal dit tog nie daarteen bestand wees nie*), is 'n kontaminasie van *hoe sterk dit ook al mag wees* en *al is dit nog so sterk*, onder invloed van Engels *no matter how strong it may be.* Al kom dit nogal veel voor, sou 'n mens tog nog nie kan beskou dat dit reeds burgerreg verkry het nie.

Aparte Woorde

Enkele woorde wat dikwels in anglisistiese uitdrukkings voorkom, wil ek apart noem.

Sit en samestellings daarmee:

Hulle het hulle koppe bymekaar gesit (gesteek).
Sal jy vir my 'n goeie woordjie insit (doen)?
Julle hoef julle nie uit te sit nie (moeite te doen nie).
Sit die gedagte maar uit jou kop (laat vaar).
Ek sal gou 'n boordjie aansit (omsit).
Sit (slaan) *die lig aan, uit.*
Sit (slaan) *die rem aan, af.*
Kan julle my vir 'n paar dae opsit (herberg)?
Dit sal my glad nie afsit nie (van stryk bring nie).

Gaan en samestellings daarmee:

Sake het verkeerd gegaan (geloop).
Die seun het verkeerd gegaan (die verkeerde weg opgegaan).
Hy sal ver gaan (dit ver bring).
Die horlosie gaan nie (loop nie).
Hy het van sy kop af gegaan (geraak).
Hy gaan in vir Jerseys (lê hom toe op).

Staan:

Iemand 'n drienk staan (trakteer op 'n drankie).
Hy staan 'n kans (sy kanse staan goed).
Ek kan nie die pyn staan nie (uithou nie).
Ek kan hom nie staan nie (verdra nie).

Maak:

Ek sal hom dit maak doen (forseer om dit te doen).
Hy sal nooit 'n handelaar maak nie (uitmaak nie).

Neem:

Neem (gebruik) *jy suiker in jou tee?*
Ek sal stappe neem, moeite neem, 'n eed neem (doen) *om dit te verander.*
Ons het 'n lang wandeling geneem (gedoen, gemaak).

Vang:

Kou vang (vat); *'n trein vang* (haal).

Mag:

In goeie Afrikaans kan *mag* uitdruk: 1. dat iets toelaatbaar is: *„Hierdie woordjie mag 'n werkwoord bepaal";* 2. dat iets moontlik is: *„Wat hy sê, mag waar wees";* 3. dat daar rede is vir iets: *„Jy mag van geluk praat".* 'n Anglisisme is egter die gebruik van *mag* in die betekenis „kan met reg", soos in: *„Analogie mag gedefinieer word as die mag van die voorbeeld".*

Voorsetsels

Deur hulle vae betekenisinhoud is die gebruik van voorsetsels baie sterk onderhewig aan veranderinge met verloop van tyd. So sê ons nog, soos in 17de-eeuse Hollands: *Sy is verloof aan Piet,* maar in moderne Nederlands word gesê: *Zij is verloofd met Piet.* In verskillende tale kan ook verskillende voorsetsels gebruik word om dieselfde verhouding uit te druk. Vergelyk: Eng. *Hang it on*

the wall, Afr. *Hang dit aan die muur;* maar Eng. *Put it on the table*, Afr. *Sit dit op die tafel.* Geen wonder dus dat ons voorsetselgebruik so sterk beïnvloed word deur Engels nie. Enkele gevalle wil ek hier opnoem.

Vir:

Vir is ongetwyfeld die voorsetsel wat sy gebruiksfeer die meeste uitgebrei het in Afrikaans. Onder Maleis-Portugese invloed (hfst. IV) het sy gebruik in twee opsigte toegeneem: 1. Dit word nou (altans in 'n deel van ons taalgebied) gebruik by werkwoorde wat oorspronklik transitief was, dus geen voorsetsel gebruik het nie, soos in: *Ek sal vir jou slaan; ek kan vir haar sien.* 2. Dit het ander voorsetsels geheel of gedeeltelik verdring. Gewoonlik is die Nederlandse voorsetsel nog bekend daarnaas: *Ek wag al lank vir* (naas *op*) *jou. Gee dit vir* (naas *aan*) *hom. Sy het groetnis vir* (naas *aan*) *jou gestuur. Hulle soek vir* (naas *na*) *jou. Hy spot vir* (naas *met*) *my. Hy het vir* (naas *om*) *die grap gelag. Sê dit vir* (naas *aan*) *hom. Hy is kwaad vir my.*

Dit lê voor die hand dat die analogiese uitbreiding van die gebruik van *vir* sal bly voortduur; maar hierdie proses word ongetwyfeld bevorder deur die invloed van Engels, sodat iedere geval op sigself beoordeel moet word. In 'n sin soos: „Hy is beroemd vir sy pragtige sonnette" (i.p.v. *weens, om*), sou die gebruik van *vir* bv. deur analogiewerking moontlik gewees het, maar die invloed van Eng. *famous for* het stellig daartoe meegehelp. In „Ons het vir 'n wandeling gegaan" is die hele uitdrukking 'n letterlike vertaling uit Engels. In Nederlands word *voor* as deel van die tydbepalinge in beperkende sin gebruik by handelinge wat in die toekoms lê: *Ik ga voor twee weken daarheen.* Dis miskien onder Engelse invloed dat *vir* in Afrikaans dikwels oorbodig gebruik word as die handeling reeds afgelope is: *Hy moes vir meer as tien jaar die bed hou. Hy het vir 'n lang tyd, vir eeue, daar gebly. Vir dertig jaar lank het ons niks van hom gehoor nie.*

Tot:

Dit bring ons tot (by) *die wet waarna prof. H. verwys het. Hoewel die Hollandse koloniste die Engelse met ag tot* (teen) *een oortref het.*

In:

'n Mens kan dit in (op) *verskillende maniere doen.*
Hy sal in (oor) *drie weke terug wees.*
In (met) *ander woorde.*

Van:

Ons het hierdie woord van (aan) *Latyn ontleen.* Kontaminasie met — *geleen van* en invloed van Eng. *borrowed from.*

Na:

Die direksie behou die reg om genoemde opvordering van 2/- per aandeel te verhoog na (tot) *5/- per aandeel.*

Om:

Churchill het wyselik gehandel om (deur) *die publiek in sy vertroue te neem* (toe hy die publiek in sy vertroue geneem het).

By:

By (teen) *daardie tyd was daar niks meer van oor nie.*
Bedoel jy daarby (daarmee) *dat . . . .* ?

Oor:

Ons het oor die naweek daar gebly. Oortollig.

Op:

Hy het op (met) *verlof, vakansie, gegaan.*
Ek het geen botter meer op hande (voorhande, in voorraad) *nie.*

Met:

Hy voorsien ons met (van) *aartappels.*

Voornaamwoorde

In verband met die gebruik van die voornaamwoorde is een van die lelike foute wat, onder Engelse invloed, telkens voorkom, die gebruik van *-self* by noodwendig wederkerende werkwoorde, soos in: *Die skrywer leef homself in die lewe van die diere in. Dan bedwing hy homself.* In goeie Afrikaans word *-self* alleen gebruik by toevallig wederkerend gebruikte werkwoorde en dan alleen as daar nadruk is.

Die oortollige gebruik van *een* soos in Engels duik af en toe op, soos in: *Die stryd is 'n swaar een* ('n sware). *Die gees wat daar heers, is 'n eg menslike een* ('n eg menslike). *Transaksies soos die Poolse een* (die Poolse), *kan bv. in die V.S. 'n reeks gebeurtenisse aan die gang sit.*

Besonder lelike Anglisismes is die selfstandige gebruik van besitlike voornaamwoorde soos *syne, myne, hare* as onderwerp van 'n sin, soos in: *Syne is 'n gemoedelike vaste geloof,* en ook die selfstandige gebruik van *hierdie* en *daardie: Daardie is 'n lastige saak* (daardie saak is 'n lastige; dis 'n lastige saak daardie). *Hierdie* (dit of hierdie een) *is 'n geval van algehele assimilasie. Om hierdie* (dit) *te verduidelik, neem ons 'n paar voorbeelde. Daardie* (dit) *was die enigste partytjie.* Dan is daar ook nog die lelike gebruik van *dit* na voorsetsels: *Naby dit* (daar naby) *is 'n graf met 'n opskrif.* Daarenteen het ons in die gebruik van *so* as aanwysende voornaamwoord (naas *dit*) in sinne soos: *hy het so gesê; ek glo so; ek meen so; ek dink so,* waarskynlik die voortsetting van 'n Middelnederlandse wending wat in Suid-Afrika nuwe lewe gekry het onder Engelse invloed. In moderne Nederlands het dit vrywel uitgesterf, maar vergelyk nog die uitdrukking: *zoo gezegd, zoo gedaan.*

HOOFSTUK VIII

FUNKSIEVERANDERING

Onder die funksieveranderinge in Afrikaans waarvan die verklaring die meeste moeilikhede opgelewer het, is daar 'n groepie oorspronklike selfstandige naamwoorde wat in Afrikaans ook as byvoeglike naamwoorde gebruik kan word: *honger*, *dors*, *spyt*, *lus*, *vaak*, *skaam;* daarby ook samestellinge soos *hartseer* en *kortasem*. Ons kan bv. sê: *ek het* of *is honger*, *dors*, ens. (vroeër ook *skaam*). Watter ander oorsake daar ook toe mag bygedra het, kan ons aanneem dat die (Maleis)-Portugeessprekende slawe wat Hollands aan die Kaap aangeleer het, iets met hierdie oorgang te doen gehad het (vgl. hfst. IV). Dit is in ieder geval oud in Afrikaans en ons kan verwag dat dit nog analogiese invloed sal uitoefen. Tog moet ons aanneem dat Engelse invloed verantwoordelik is vir die gebruik van *reg* en *verkeerd* in: *Ek is reg* en *jy is verkeerd* (ek het gelyk en jy het ongelyk, of: jy het dit mis), hoewel geen vreemde invloed natuurlik verantwoordelik is vir die attributiewe gebruik van hierdie woordjies as byvoeglike naamwoorde nie: *die regte man op die regte plek; die verkeerde manier* om dit te doen, waaruit die predikatiewe aanwending daarvan in politieke verband: *hy is reg*, *verkeerd*, as natuurlike ontwikkeling in Afrikaans beskou moet word.

Minder vas staan Engelse invloed by die persoonlike gebruik van *jammer* in *ek is jammer* naas *ek het jammer* en *jammer*! as uitroep.

Samestellinge

Hoewel Afrikaans hom baie maklik leen vir allerlei tipes van samestelling, is die verbinding pleknaam plus 'n ander selfstandige naamwoord vreemd aan die aard van ons taal. In Nederlands is

dit ook nie gebruiklik nie, behalwe as die pleknaam die verbuigingsuitgang *-er* het of onder die analogiese invloed daarvan staan: *haarlemmerolie, Deventerkoek*. In Afrikaans het hierdie tipe van samestelling (sonder die verbuigingsuitgang) onder Engelse invloed egter so gebruiklik geword, veral in die skryftaal, dat dit miskien reeds as ingeburger beskou moet word. Dit word gewoonlik met 'n koppelteken geskrywe: *die Johannesburg-tentoonstelling, die Durbansender, die Malmesbury-voetbalspan*, ens. Dit is egter baie beter om hierdie onafrikaanse verbindinge te vermy. Daar is verskillende eg-Hollands-Afrikaanse uitdrukkingswyses om die plek daarvan in te neem. Ons kan: 1. die verbuigingsuitgang *-se* gebruik: *die Johannesburgse tentoonstelling*. 2. Ons kan *se* as bindwoord gebruik: *Johannesburg se tentoonstelling*. 3. Ons kan 'n voorsetsel gebruik: *die tentoonstelling te* of *van Johannesburg*.

Ook in Nederlands word persoons- en ander name soms gebruik as deel van 'n samegestelde eienaam, soos *Jan Pieterzoon Coenstraat*. In Afrikaans is sulke samestellinge onder Engelse invloed baie gebruiklik: *La Rochelle-Meisies-Hoërskool, Dirkie Uys-Laerskool, die Kaapstad-Pretoria-hoofweg*, ens. Gewoonlik is dit egter baie netjieser en geriefliker om die eienaam laaste te plaas: *die Hoër Meisieskool La Rochelle, die Laerskool Dirkie Uys, die hoofweg Kaapstad-Pretoria*, ens.

Woordorde

Wat die woordorde betref, wil ek nog op die volgende onafrikaanse tipes wys:

Asseblief, gee my jou uitveër (gee my asseblief jou uitveër).

Egter, hy het die plan laat vaar (hy het egter die plan laat vaar).

Dat daar 'n onoorbrugbare kloof vandag bestaan tussen Boer en Brit, het nou weer duidelik geblyk (dat daar vandag 'n onoorbrugbare kloof bestaan, ens.)

Tog, in sekere mate het die skrywer daarin geslaag om die diepere dryfvere van die menswees te openbaar (tog het die skrywer in sekere mate daarin geslaag, ens.)

In die Vrystaat, volgens die taalwet van 1891, *kon Engels of Hollands as medium gebruik word* (In die Vrystaat kon, volgens die taalwet van 1891, Engels ens.)

Baie leerlinge, as hulle by St. 6 *of* 8 *kom, wil hulle die skool verlaat* (baie leerlinge wil die skool verlaat as hulle, ens.).

Uitspraak

Enige maande gelede is in *Die Huisgenoot* daarop gewys dat anglisismes tot in ons gebruik van leestekens deurdring. Hier wil ek 'n woordjie van waarskuwing rig teen die invloed van Engels ook op ons uitspraak. Hierdie invloed word o.a. uitgeoefen op die woordaksent, sodat veral leenwoorde dikwels op die Engelse i.p.v. die Nederlandse manier geaksentueer word: *grámmofoon* i.p.v. *grammofóon*, *télegram* i.p.v. *telegrám*, *kóntak* i.p.v. *konták*, *áspek* i.p.v. *aspék*, *bíoskoop* i.p.v. *bioskóop*, *mínister* i.p.v. *miníster*, ens. Weliswaar bestaan ook in Afrikaans die neiging om die aksent van sulke woorde na vorentoe te verskuif as hulle ingeburger raak, maar die neiging is baie sterker in Engels, en sowel uit die geskiedenis as die ander klanke blyk dit dat ons in hierdie en ander woorde met Engelse invloed te doen het.

Daar is 'n gewoonte om allerlei geografiese name op Engelse manier uit te spreek (kyk hfst. V). Daaraan kan o.a. ook die uitspraak van *i* as *ie* in *Indië* en *Indiër* toegeskrywe word. Hierdie uitspraak van *i* hoor 'n mens egter soms selfs in woorde soos *inspekteur* en *infeksie*. Die *u* weer word dikwels onder Engelse invloed as *joe* of *oe* uitgespreek: *sitjoeasie* vir *situasie*, *depjoetasie* vir *deputasie*, *infloeënsa* vir *influensa*, *rewoloesie* vir *rewolusie*, ens.

In goeie Afrikaans word lang *e* in lettergrepe met swak klem

gewoonlik verswak tot dowwe *e*, soos in *resitasie*, of 'n kort geslote *e*, soos in *predikant*. Onder Engelse invloed vind ons egter dikwels 'n kort oop *e*: *elliegant* vir *elegant*, *deffinnitief* vir *definitief*, *tellegram* vir *telegram*.

Dis met 'n mate van teensin dat 'n mens al hierdie Anglisismes op papier stel en dus as 't ware publisiteit daaraan verleen. Dit sou veel beter gewees het om hulle in die vergeetboek te laat raak deur verswyging, as dit moontlik was. Maar die waarheid is dat hulle soveel gebruik word dat daardie metode nie die gewenste gevolge sou hê nie. Daarom is dit nodig om positief die aandag daarop te vestig en die gebruikers bewus daarvan te maak om hulle beter vir die stryd toe te rus. Ek wil dan ook aan die hand gee dat onderwysers, leerlinge en ander belanghebbendes die bostaande of ander hoofde gebruik as opskrifte vir lyste wat hulle self kan aanlê en maklik met tien- of honderdtalle aanvul. As hulpmiddels kan daarby 'n vrugbare gebruik gemaak word van die werke van dr. Rousseau: *Afrikaans en Engels* en Twee Oud-onderwysers: *Taalgoggas*, aan wie ek hier ook my dank wil betuig.

OEFENINGE

1. Gee die juiste Afrikaanse spelling (en uitspraak) van die volgende name aan: (*a*) Abyssinia; Aix-la-Chapelle; Antwerp; Argentine; the Azores; Basutoland; Beaufort West; Bechuanaland; Belgium; Berlin; Bombay; Brussels; Canada; Canterbury; Cologne; Danube; Dunkirk; East Griqualand; East London; Edinburgh; Egypt; Fish River; Flanders; Genoa; Ghent; The Hague; Hayti; India; Liege; Lisbon; London; Louvain; Meuse; Mons; Namur; Paris; Peru; Poland; Prague; Rhine; Rhodesia; Somerset East; Strassbourg; Switzerland; Thames; Turin; Wales.

(Abessinië; Aken; Antwerpen; Argentinië; die Asore (eilande); Basoetoland; Beaufort-Wes; Betsjoeanaland; België; Berlyn; Bombaai; Brussel; Kanada; Kantelberg; Keulen; Donau; Duinkerken; Griekwaland-Oos; Oos-Londen; Edinburg; Egipte; Visrivier; Vlaandere; Genua; Gent; Den Haag ('sGravenhage); Haïti; Indië; Luik; Lissabon; Londen; Leuven; Maas; Bergen; Namen; Parys; Peru; Pole; Praag; Ryn; Rhodesië; Somerset-Oos; Straatsburg; Switserland; Teems; Turyn; Wallis.)

(*b*) Aristotle; Euclid; Homer; Ovid; Virgil (Aristoteles; Euclides; Homerus (ook -os); Ovidius; Vergilius).

2. Vervang die skuinsgedrukte woord deur 'n goeie Afrikaanse woord:
   1. Jy moenie met my *bodder* nie.
   2. Hy *boelie* die kinders.
   3. Hy is 'n *boelie*.
   4. Hulle praat *nonsies*.
   5. Waar kom jy aan die *robbies?*
   6. Sy is 'n *jolly* persoon. Dit gaan daar *jolly*.
   7. Kan ek jou *bicycle* leen?
   8. My sussie het 'n *tricycle*.
   9. Ek is *game vir* enigiets.
   10. Dit was 'n *brain wave*.
   11. Aan die ent van die maand neem die winkelier *stok*.
   12. Het jy nie vir my 'n orige *stud* nie?
   13. Sannie het 'n nuwe *suitcase* gekry.
   14. Ek soek 'n *joppie* vir die vakansie.
   15. Dit was vir jou 'n *jop* om die lam te laat suip.
   16. Weeksdae eet ek *lunch* by die werk en *brekfis* en *dinner* tuis.
   17. Ons het *gauze*-draad voor die vensters om die muskiete uit te hou.
   18. Bestel gou vir my 'n *taxi*, asseblief.

19. Wie het vir jou die goue *locket* gegee?
20. Sy lees so graag *fiction* en *thrillers*, veral as dit *best sellers* is.
21. As ons tog net 'n stukkie *tape* gehad het.
22. Bring jou *tape*-lyn saam.
23. *Clubs* en *spades* is swart; *diamonds* en *hearts* rooi, en daar is prentjies op die *jack*, die *queen* en die *king*, maar nie op die *ace* nie.
24. In die somer dra hy nie 'n *vest* nie.
25. Wat is die *kosprys* van die artikels?
26. Daardie rok het te veel *frills* aan.
27. Sit jou *keppie* op.
28. Sy eet graag *sweets*, maar is nie lief vir *barley-sugar* nie.
27. Het u al *barley-water* gedrink?
30. Die boetie en sussie speel met hulle *jigsaw-puzzles*.
31. Die son is te skerp, trek die *blind* af.
32. Maak toe die *shutters*.
33. Die lig het *gefuse*, gaan haal 'n *fuse*-draad.
34. Dis darem nie *fairplay* nie.
35. Hy is *fairplay* (*ferplie*) in die moeilikheid.
36. Ek sê toe vir hom: *just fancy*!
37. Ek neem nie deel aan die *fancy-dress ball* nie.
38. Sy doen ook nou *fancy-work*.
39. Die dokter sê *grape-fruit* is gesond.
40. Proe bietjie aan hierdie *jam*.
41. Laai dit maar op die *lorrie*.
42. Julle moenie *panic* as die *tyre* dalk bars nie.
43. Ek gaan nie ook daaroor nog *worry* nie.
44. Sê vir jou *pal* hy moet saamkom.
45. My broertjie se *hobby* is om seëls te versamel.
46. Hy is 'n ou *cissy*.
47. Vra die *mechanic* om my motor reg te maak
48. Hulle speel *marbles*.

49. Ek was al op die *diggings*.
50. Moet tog nie op die *lawn* loop nie.
51. Hy voel so 'n *fool* daaroor.
52. Hou op langer die *fool te speel*.
53. Ons het 'n *joy-ride* gehad.
54. Is jy ook so *keen* op tennis?
55. Ons het nou 'n ander *lawn-mower* gekoop.

(Sleutel: 1. lol; 2. afknou; 3. 'n afknouer; 4. onsin; bog; 5. onsin, bog; 6. opgeruimde, plesierig; 7. fiets; 8. driewiel; 9. gereed, reg, sal . . . . aandurf; 10. gelukkige of goeie inval, 'n blink gedagte, 'n ingewing; 11. voorraad op; 12. hals-, nek- of boordjieknopie; 13. handkoffer, reistas; 14. werkie; 15. 'n gesukkel; 16. 'n ligte ete, ook noenmaal, ontbyt en aandete; 12. gaasdraad; 18. huurmotor; 19. hangertjie; 20. fiksie, ontspanningslektuur, rillers, suksesboeke; 21. band, lint; 22. maatlyn; 23. klawers, skoppens, ruitens en hartens, boer, vrou, heer, aas; 24. onderlyfie; 25. inkoopsprys; 26. valletjies; 27. pet; 28. lekkergoed, garssuiker; 29. gortwater; 30. legkaarte of -prente; 31. blinding; 32. luike; 33. die draadjie het gesmelt, uitgebrand, smeltdraad; 34. eerlik, regverdig; 35. regtigwaar; 36. Stel jou voor; nou reken! 37. gekostumeerde bal; 38. Fraai handwerk; 39. pomelo; 40. konfyt; 41. vragmotor; 42. paniekerig raak; 43. my bekommer; 44. maat, vriend; 45. stokperdjie, liefhebbery; 46. papbroek, bangbroek, 'n sleg; 47. werktuigkundige; 48. albasters; 49. delwery; 50. grasperk; 51. gek, dwaas, so verleë; 52. gek te skeer; 53. plesierrit; 54. versot op; 55. grassnyer.)

3. Hoe sê ons die volgende in Afrikaans? Let op die teenstellinge tussen Engels en Afrikaans.
   1. More or less.
   2. Bow and arrow.

3. Twenty-one.
4. Half past twelve.
5. I have not seen him for ages.
6. You and I will have to do the work. He and I are here.
7. Poor people do not always have bread and butter for breakfast (gewoonlik: botter en brood).
8. Put on your shoes and stockings (gewoonlik: trek jou kouse en skoene aan).
9. Will you pour the tea out? (Skink . . . .).
10. Drink your milk up, John.
11. You must lock up your office when leaving.
12. Ice-cream.
13. Week-end.

4. Vervang die woord tussen hakies deur die juiste Afrikaanse vorm daarvan:
   1. Hy luister graag na (classical) musiek.
   2. Ons moet die twee standpunte darem met mekaar laat (harmonise).
   3. Is jy besig om te (suggest) dat ek oneerlik is?
   4. Ons was 'n (cosmopolitan) groep op die kongres in Parys.
   5. Sy volgehoue (cynicism) was vir haar te veel.
   6. Daar is gevaar dat hulle nie vir hom kan (force) om te (capitulate) nie.
   7. Die prokureur het meer (clerical) hulp nodig.

   Kan u 'n gewone Afrikaanse woord in die plek stel van die bepaalde woorde in (2) tot (6) genoem?

5. Druk die volgende sinne in goeie Afrikaans uit:
   1. John plays better than Jack (as).
   2. He is the better of the two (beste).
   3. Is he also the stronger?
   4. However, he is most certainly the younger.

5. The more he has, the more he wants.
6. Better show him what to do.
7. It is half past six, I had better get up.
8. Would it not be better if you stayed in bed?
9. Then your cold would soon be better.
10. I suggest you better drink your medicine now.
11. Well, you better stop this nonsense, or else . . . .
12. He did his best (sy bes; nie: sy beste, nie).
13. His essay is the best.
14. This is his very best attempt.
15. He nearly got the better of me (my oorrompel, die oorhand gekry, gewen, die beste daarvan afgekom).

6. Let op die teenstelling tussen Engels en Afrikaans om die volgende begrippe uit te druk:
   1. Union *Buildings* (Uniegebou).
   2. The Provincial Council *Buildings* at Pietermaritzburg.
   3. The Victoria *Falls*.
   4. The Howick *Falls*.
   5. A pair of *spectacles*—Have you seen my *spectacles?*
   6. A pair of *trousers*—Here are your *trousers* (*pajamas*).
   7. Bring me the *scissors*—a pair of *scissors*.
   8. I only have a single pair of *shears* (skaapskêr, boomskêr, ens.).
   9. This room is sixteen *feet* by twenty.
   10. How many *years* have you been in Europe?
   11. He is fifteen *years* old.
   12. He paid three *pounds* for a pair of shoes.
   13. She has a book on the *East-Indies* ('n boek oor Oos-Indië—let op die goeie uitspraak van *In*dië (nie *Ien*-dië nie!).)
   14. The chairman returned the *thanks* of the meeting to the guest speaker.
   15. He is the bringer of good *tidings*.

16. The murderer will have to swing from the *gallows*.
17. He took great *pains* to help me (het baie moeite gedoen).
18. We grow *oats*.
19. This building is called the *archives* (argief).
20. Put this in the chest of *drawers*.
21. He studies *ethics*, *mathematics*, *politics* and *optics*.
22. What are the *assets* of your firm?
23. *Tongs; tweezers; pliers; pincers; dregs*, ens.
24. Have you got the *statistics* on the number of gallons of milk used by us this week?
25. You must pay your examination *fees* tomorrow.
26. We must improve our school *grounds*.
27. Where have I left my *glasses* (*looking glasses; binoculars*)?

(U kan dit verder aanvul. Wanneer sê ons in Afrikaans: *argiewe*, *statistieke*, *brille*, *Provinsiale Raadsgeboue*, *broeke*, *galge?*)

7. *Afspraak—Bestelling.*

1. Twee maats het met mekaar *afgespreek* om mekaar om vieruur te ontmoet—hulle het dus 'n *afspraak* gemaak, nie 'n *bestelling* nie.
   Sê dus:
   (*a*) Ek het 'n .... met my tandarts.
   (*b*) Hoe laat is jou .... met jou tandarts?
   (*c*) Volgens .... kom ek jou haal.
   (*d*) Ons moet nog 'n .... maak waar om mekaar te ontmoet.

   Jan het 'n aantal romans van die boekhandelaar bestel.
   Sê dus:
   (*a*) Jan het 'n bestelling by sy boekhandelaar.
   (*b*) Volgens sy .... is twaalf romans aan hom gepos.
   (*c*) Die boekhandelaar het die .... uitgevoer.

8. In Engels sê jy: *Thus far all went well,* in Afrikaans: Alles het *tot dusver* (of: *tot hiertoe*) goed afgeloop. Let ook op die verskille in die volgende:

1. We went *as far as* the river. Afr. . . . .
2. He bought the piece of ground *up to* the river. Afr. . . . .
3. He is *up to* his knees in debt. Afr. . . . . (ore) . . . .
4. He wants it *at any price.* Afr. . . . . (elke) . . . .
5. They walked *round* the house. Afr. . . . .
6. He is strong *in that* he has money. Afr. . . . .
7. *By* this time he will be home. Afr. . . . .
8. *For* this reason he refused. Afr. . . . .
9. *In* this manner he helped his father. Afr. . . . .
10. This is the way *in which* you too can help. Afr. . . . .
11. *Thus far* I managed alone. Afr. . . . .
12. *In* other words, she did not make an appointment. Afr. . . . .
13. He read the book *right through.* Afr. . . . .
14. The main character appears *right through* the story. Afr. . . . .
15. What did he mean *by that?* Afr. . . . . (*daarmee*).
16. He is *by far* the best scholar. Afr. . . . . (verreweg) . . . .
17. *By day and by night* the battle raged. Afr. . . . .
18. I can lend him *at most* five pounds. Afr. . . . . (hoogstens) . . . .
19. He is willing *to a certain degree.* Afr. . . . . (in sekere mate) . . . .
20. The guests arrived one *by* one. Afr. . . . . (vir) . . . .
21. Take one *at* his word. Afr. iemand aan sy woord hou.
22. She is very *particular* about her friends. Afr. . . . . kieskeurig wie . . . .
23. Did you take part *in* the play? Afr. . . . . aan . . . .
24. May I have the *wishbone?* Afr. . . . . geluksbeentjie . . . .
25. This is his *red letter day.* Afr. . . . . gelukkige dag . . . .

9. Let op die goeie uitspraak van die *r*-klank in:
   (*a*) 'n paar; teer (teenoor tee); boor; maar; 'n beer; veer; meer; neer; seer; weer; jaar; naar; dier.
   (*b*) Septem is Latyn vir sewe; octo is agt, novem nege en decem tien, maar in ons tydrekening is die negende maand .... ; die tiende .... ; die elfde .... en die twaalfde ....
   (*c*) beter; hoër, dikker; digter; laer; nouer.
   (*d*) 'n werker; 'n verwer; 'n besteller; 'n sanger, 'n denker; 'n dromer.
   (*e*) draai; drink; droom; druk; dryf; droef.
   (*f*) trein; trou; trek; traak; tronk ; Transvaal; troon; troef; trok.
   (*g*) krap; kras; kroon; kry; kraai; kroes; kraan.

10. Vul in: ander(e); anders.
   (*a*) Hoewel twee kinders lui is, is al die .... fluks.
   (*b*) Party mense was by die vergadering, die .... was egter tuis.
   (*c*) Onder .... was die Eerste Minister (mi-*nis*-ter) ook daar.
   (*d*) Help hom, ... verdrink hy.
   (*e*) Die .... was reeds teen pokkies ingeënt.
   (*f*) Dit is onnodig om jou oor die .... uit te spreek.
   (Druk bostaande ook in Engels uit en let op die verskil by die ingevulde woorde.)

11. Die werkgewer *laat* die man werk, of *dwing* (of *verplig*) hom om te werk.
   (*a*) Sê nou in goeie Afrikaans:
      1. The teacher *made* him write the essay over again.
      2. What *made* you do that?
      3. I wish I could *make* you listen.
      4. It is not wise to *make* children play when they are tired.
      5. Why *make* him sit there if he does not want to?
      6. I will *make* you do your home-work.

7. The mechanic can't *make* this car go.
8. This *makes* me think he will help us.

(*b*) In die volgende en soortgelyke cliches gebruik die Engelse gewoonlik die werkwoord *make:*

1. Verskoning vra.
2. Vrede sluit.
3. 'n Toespraak lewer.
4. Reëlings tref.
5. 'n Poging aanwend.
6. 'n Beroep doen op.
7. Aansoek doen.
8. Verbeterings aanbring.
9. 'n Fout begaan.
10. Oefening baar kuns (practice makes perfect).

(*c*) Soos in (*b*) hierbo, maar nou met *take:*

1. 'n Eed aflê (en: getuienis afneem).
2. Stappe doen (of: maatreëls neem).
3. Gaan loop (of: stap; of: wandel)—to take a walk.
4. Hom iets aantrek (take it badly).
5. Met vakansie gaan (to take a holiday). Dus, nie . . . .?
6. Ek verseker jou, ek sê vir jou—take it from me.
7. Aantekeninge maak—take notes.
8. Dit waag, aandurf, durf—take a chance.
9. Iemand mislei, bedrieg—to take somebody in.
10. 'n Entjie gaan ry—to take a drive.
11. 'n Reis onderneem.
12. Tydsaam wees, jou nie haas nie—take your time. Dus, nie . . . .?
13. Ons het ons laat afneem.
14. Dink jy dat ek so dwaas (so onnosel, so gek) is?—do you take me for a fool? Dus, nie: . . . . ?

15. Bekyk dit goed, kyk goed—take a good look.
16. Slegte gewoontes aankweek.
17. Skoen (klere) uittrek—take off.... Dus, nie:....?
18. Behae skep in—take a fancy to.
19. Waarvoor sien jy my aan?—what do you take me for. Dus, nie: .... ?
20. Drink jou medisyne.

(*d*) Soos in (*b*) hierbo, maar nou met *put*.

1. Waaraan skryf u dit toe?—(put it down to).
2. 'n Eis indien—(put in a claim).
3. Om verlof vra—(put in for leave. Dus, nie: . . . ?).
4. Doen 'n goeie woord vir my—(put in a word for me).
5. Skakel my deur na . . .—(put me through to number . . .).
6. 'n End maak aan . . .—(put a stop to . . .).
7. Stel dit op skrif.
8. Steek dit in jou sak.
9. In geld omsit.
10. In gebruik neem.
11. Moeite doen (jou inspan, beywer)—(put oneself out).
12. Iets uitstel—(put off).
13. Jy moet dit maar verdra (of: duld; of daarin berus)—(put up with).
14. Geld teen rente belê—(put out at interest).
15. Skakel die lig af (of: blaas die kers uit)—(put out).
16. Hy het sy vinger verstuit—(put out).
17. Sy man staan, veg—(put up a fight).
18. 'n Dokument onderteken—(put your name to).
19. Die prys verhoog—(put up).
20. Hy soek uitvlugte, flou ekskusies—(he puts me off).
21. Iemand huisves, loseer, onderdak verskaf—(put someone up).

22. Gooi suiker in jou tee (put . . . in). Dus, nie: . . .
23. Trek jou jas aan—(put on).
24. Sy is aanstellerig—(puts on).
25. Iemand van stryk bring—(put off).
26. Iemand se salaris verhoog.
27. 'n Vergadering uitstel -(put off).

(*e*) Soos in (*h*) hierbo, maar nou met *go*.

1. Die hoed *pas* nie by die rok nie. (Dus, nie: die hoed gaan by . . .).
2. Daar *lui* die klok.
3. Ek sal hom moet betig (of: inklim; of: vermaan)—(I will have to go for him).
4. Dit het goed verloop (of: van stapel geloop)—(It went off well).
5. Eksamen doen, of: vir 'n eksamen voorberei—(go in for an examination).
6. Sonder iets klaarkom—(go without).
7. Rondreis, of: besienswaardighede besoek—(go places).
8. Hy sal dit nog ver bring in die lewe—(go far).
9. Probeer (have a go at).
10. 'n Reis onderneem, of: op reis gaan—(go for a journey).
11. Hy lê hom toe op die kweking van angeliere—(goes in for).
12. Hy kweek groente—(goes in for).

(*f*) Soos in (*b*) hierbo, maar nou met *stand*.

1. Hy is kandidaat vir die Volksraad.
2. Die reëls geld nog (of: is nog geldig of: van krag).
3. Die voorwaardes is nog van krag.
4. Die skoolhoof verdra geen gekheid nie—(stands no nonsense).

5. Die generaal duld geen onsin (of: gekskeerdery) nie.
6. Hy het my op 'n drankie trakteer—(stood me a drink).
7. Die nooi kan hom nie onder haar oë verdra nie—(can't stand him).
8. Dra die gevolge van jou optrede.
9. Hy hou nie daarvan om geterg te word nie—(can't stand a joke).
10. Hy veg vir die belange van die boer.
11. Hy sal dit nie weer duld (of: verdra; of: veel) nie.
12. Hy het 'n goeie kans (nie: staan . . .).

12. Wanneer daar van lande sprake is, gebruik Engels by voorkeur die vroulike vorm van die pers. vnw., terwyl Afrikaans die manlike vorm aanwend.

(*a*) Lees:

1. Die Vrystaat en *sy* burgery.
2. Die Transvaal het vroeër *sy* eie skoolwet gehad.
3. Natal verlang dat aan *hom* gegun moet word wat *hom* regtens toekom.
4. Basoetoland het *sy* besondere probleme.
5. Die rykdom van Nederland het grootliks afgehang van *sy* Koloniale ryk.
6. Sonder *sy* vloot kon Engeland nie *sy* groot rol gespeel het nie.

(*b*) Vertaal:

1. England hopes that she will be able to solve all her financial problems soon.
2. France tries to make the others see that she works for the welfare of her colonial peoples.
3. Germany has lost her possessions overseas.
4. Since she gained dominion status, India became a republic.
5. Persia is proud of her literature.

6. Holland once fought eighty years for her independence.
7. There are sixteen Soviet Republics in Russia; she has a population of nearly 200 million, her capital is Moscow (Afr.: Moskou) where she has over 4 million people.
8. The Iberians (Afr.: Iberiërs) are the oldest inhabitants of Spain (Afr.: Spanje); the Portuguese are her neighbours. Cervantes is one of her best known writers in her golden century.
9. Since World War II Poland developed from an agricultural (Afr. ook: agrariese) country into an industrial state. Her largest city is not Warsaw, the capital, but Lodz. Her president holds office for seven years.

(Ons gebruik die manlike vorm van die pers. vnw. o.m. ook vir 'n skip, 'n trein, 'n wa, 'n motor).

13. (*a*) Terwyl Engels die vnw. versterk deur die aanhegting van *self*, kom Afrikaans meestal daarsonder klaar. Sê in Afrikaans:
    1. He ought to be ashamed of himself.
    2. The accused had to defend himself.
    3. We must first ask ourselves what democracy really means (ons afvra).
    4. She associated herself with these remarks (haar vereenselwig).
    5. They declared themselves in favour of translating the Bible into Afrikaans.
    6. This is the task we set ourselves (gestel).
    7. They made themselves ridiculous (belaglik).
    8. Let us remind ourselves of our duty.
    9. We must consider ourselves responsible for the children.

10. The campers (kampeerders) washed themselves at the tap.
11. He proved himself to be a good poet (openbaar).
12. I enjoyed myself (ek het dit geniet; dit was vir my aangenaam, genotvol, ek het daar plesier van gehad).

(*b*) Vul die wederkerende vnw. in:

1. S. J. du Toit en C. P. Hoogenhout het — ten doel gestel om Afrikaans tot skryftaal te verhef.
2. Broer Piet het vir — 'n boerderytjie aangeskaf.
3. Hy maak — skuldig aan onwettige drankhandel.
4. Mevr. Brink het — gewaag aan die uitbeelding van die Bantoe.
5. Hy beroep — op die genade van die regter.
6. Taal is 'n middel waardeur die mens — uitdruk.
7. Hy voel — geroepe om die volk te waarsku.
8. 'n Ander geleentheid sal — nie voordoen nie.
9. Toe het hy — aan die party onttrek.
10. Vra na die doel wat die skrywer — gestel het.
11. Sy het — op die voorgrond gedring.
12. Die lede het — ten gunste van 'n prysverhoging verklaar.
13. Die man was nie in staat om — teen die aanvalle van die party te verdedig nie.
14. Dr. L. vestig — as kinderarts in Kaapstad.
15. Ons bevind — in 'n haglike toestand.
16. Wat verbeel hy —?
17. Die man matig — veel aan.
18. Sy beroem - op haar afstamming van die Hugenote.
19. Hy het niks om — oor te bekla nie.
20. Ek het – met my eie oë vergewis dat die seun gesond is.
21. Pasop dat jy — nie weer verspreek nie.
22. Die kinders berei — voor vir die eksamen.

23. Die oom herinner — nog goed hoe dit gebeur het.
24. Besin — voordat jy begin.
25. Om tienuur begeef die Voortrekkertjies — na die kerk.

(*c*) Met terugkerende vnw. word *self* slegs gebruik by besondere nadruk, soos by wyse van teenstelling e.d.m.

1. Wat doen jy? - Ek skeer my.—Wie skeer jou?—Ek skeer my self.
2. Was jou ma jou?— Nee, ek is al groot, ek was my self.
3. Moet ons jou beskerm?—Nee, ek kan my self teen hulle aanvalle beskerm.
4. Soek self nog voorbeelde.

14. Druk die volgende in goeie Afrikaans uit:
    1. I myself did it.
    2. He does not know what to do with himself.
    3. I hate to write letters (ek het 'n afkeer in . . .), but love to receive them.
    4. My uncle runs his own business (bestuur).
    5. We have received only two applications thus far.
    6. Seeing that it rains, we can't go for a picnic (aangesien, of omdat . . ., kan ons nie gaan piekniek hou nie).
    7. There is a fire station in this street (brandweerpos).
    8. You will notice the lighthouse at night (vuurtoring).
    9. He sank a borehole on his farm (het 'n gat laat boor).
    10. How do you like your new teacher?
    11. His father grows vegetables for the market.
    12. I could not, however, accept his offer (ek kon sy aanbod egter nie aanneem nie).
    13. Let this remain a secret between us (laat dit net onder ons bly).
    14. There are only three of us (daar is net ons drie).
    15. That does not make up for your rude behaviour.
    16. This is a great relief for all of us (vir ons almal).

17. If it was not for his money, they would not have accepted him as a member (was dit nie dat . . ., of: as hy nie so ryk was nie . . .).
18. It did not take him long to come (dit het nie lank geduur voordat . . .).
19. He turned out a failure.
20. They thought him a hero (hulle het hom as 'n held beskou).
21. Both of them (albei, of: hulle albei).
22. Words can be divided into groups.
23. How are you going to divide this up between you? (onder julle verdeel).
24. „In the whole of Europe there is no bigger bioscope", said the American. (In heel Europa . . .).
25. This is the man who photographed us (Dit is . . .; of: Hier is . . ., en *nie*: Hierdie is . . . nie).

15. Vervang die Engelse woorde (tussen hakies geplaas) in:—
    1. Die kinders was baie (taken up) met die plan om 'n veld-partytjie (of: piekniek) te gaan hou.
    2. (For) een of ander rede het hy nie opgedaag nie. (Om).
    3. Hy vra (for a piece of bread). (Hy vra 'n stukkie brood).
    4. Daar is baie redes, maar die (most important one) is sy siekte.
    5. (But Jansen himself) het ook skuld aan die rusie.
    6. Simboliek is 'n (outstanding) kenmerk van sy werk.
    7. Gee my asseblief (a glass of water; a piece of bread; a bottle of ink; a piece of blotting paper; a drop of milk; a word of advice; a ray of hope; a pound of sweets; a yard of string; a book of songs; a game of tennis; a bit of room; a bite of meat).
    8. Nietige dingetjies (put them off). (bring hulle van stryk).
    9. Jannie (goes in for) joernalistiek. (. . . lê hom toe op).
    10. Dit is Jannie (who) deur sy oom en tante aangeneem is.

11. Hy is bang om met daardie firma (to deal). (. . . te handel, sake te doen).
12. Hy is bang om by daardie winkel (to deal). (. . . te koop; te handel).
13. Hy (deal) nie graag by hom nie.
14. Ds. S. J. du Toit (who) die Bybel toe moes vertaal, was in die Transvaal.
15. Ongelukkig het ds. Du Toit hulle (put off with) sy oordrewe fonetiese spelling (afgeskrik deur).
16. Hierdie onderneming (turned out) 'n mislukking.
17. Sorg dat die (spare room) aan kant gemaak word vir ons gas.
18. Pomp asseblief my (spare wheel) ook op. (noodwiel; reserwewiel).
19. Hy kies altyd die soort motor waarvoor hy maklik (spare parts) kan kry. (. . . onderdele).
20. Wat doen jy in jou (spare time)? (vrye tyd).
21. Ek het nog 'n (spare bed). (. . . 'n orige bed).
22. Ek wil u graag raadpleeg, het u (a minute to spare)? ('n oomblikkie vry, of: 'n bietjie tyd).

16. Alleen een van die twee woorde tussen hakies is in die besondere verband goeie Afrikaans. Bepaal dit:

1. Jan F. E. Celliers (is, was) in 1865 gebore.
2. Ons moet die verlore tyd (inhaal, opmaak).
3. Sannie het slegs dertien (merke, punte) uit 50 behaal.
4. Hoeveel (lyne, reëls) beslaan jou opstel?
5. Die rivier het sy (oewers, banke) oorstroom.
6. Die komitee het nou sy reëls (opgetrek, opgestel).
7. Gert is (angstig, begerig) om my suster te ontmoet.
8. Sondagaande is ons kerk mooi (verlig, opgelig).
9. Ons skoolkonsert sal Saterdagaand (plaasvind, afkom).

10. Die winkelier het slegs 'n paar Barker-skoene (ophande, in voorraad).
11. Pa koop sy skoene by (John Orr's, John Orr).
12. (Na dit, daarna) het die orkes die verrigtinge met Die Stem afgesluit.
13. Pa (het die gewoonte; is in die gewoonte) om na ete 'n sigaar te rook.
14. Laat my net gou eers (opkyk, naslaan) wat die woord beteken.
15. As die kind begin leer, dan (oordryf, oordoen) sy dit.
16. Hoe (roep, noem) julle hierdie soort bessies?
17. (Meeste, die meeste) mense is goed van inbors.
18. Vrydag het die skole (gesluit, opgebreek).
19. Het jy al vir ons plek (bespreek, geboek) op die trein?
20. As julle soheentoe gaan, moet julle my maar (uitsny, uitskakel).
21. Wie van julle kan die motor (bestuur, dryf)?
22. Al die (ander, anders) was onwillig.
23. (Lighuise, vuurtorings) verminder die gevare op see.
24. Ek dink (jy beter, jy moet liewers) jou skuld betaal.
25. Ouboet het nog nie (opgedraai, opgedaag) nie.

17. In die volgende pare is een sin goed en een swak. Stel vas watter sin verbetering nodig het en bring dit dan aan.
    1. (*a*) Gedurende die lugbombardement het ons 'n angstige tyd beleef.
       (*b*) Ons is angstig om die uitslag van die verkiesing te verneem.
    2. (*a*) Ek het my brille vergeet.
       (*b*) In die vertoonvenster is verskillende soorte brille uitgestal.
    3. (*a*) Die Burger is 'n goeie papier.
       (*b*) Die Burger word op goeie papier gedruk.

4. (*a*) Wanneer gaan jy daardie brief antwoord?
   (*b*) Die aangeklaagde weier om te antwoord.

5. (*a*) Hulle sink al dieper in die modder in.
   (*b*) Toe dit so droog was, het hulle selfs in die rivierbeddings gate gesink.
6. (*a*) Maak dit tog vir my in 'n mooi pakkie sodat ek dit dadelik kan pos.
   (*b*) Na die rusie het hulle dit weer opgemaak.
7. (*a*) Die biblioteek se groot bestelling nuwe boeke het aangekom.
   (*b*) Hoe laat is jou bestelling met die dokter?
8. (*a*) Julle moet die hond saans by die deur uitsit.
   (*b*) My ma het haar uitgesit vir die besoekers.
9. (*a*) Ek lyk nie jou nuwe hoed nie.
   (*b*) Waarna lyk dit as ons nou wegbly?
10. (*a*) Ons wil 'n konsert opkry.
    (*b*) Jy sal jou boeke daar op die bank kry.
11. (*a*) Tabak groei pragtig op hierdie land.
    (*b*) Al die boere hierlangs groei tabak.
12. (*a*) Ek onthou jou nog.
    (*b*) Onthou my om dit môre te doen.
13. (*a*) Hy is laat, want hy het homself in die bos verloor.
    (*b*) Hy het sy vulpen verloor.
14. (*a*) Die nuwe pad draai net daar uit.
    (*b*) Hy het 'n gawe kêrel uitgedraai.
15. (*a*) Wat is die tyd?
    (*b*) Dit is tyd dat ons moet loop.
16. (*a*) Kyk agter die kas of die potlood nie daar ingeval het nie.
    (*b*) Dit is jou beurt om agter die kinders te kyk.
17. (*a*) Die tapyt lê op die vloer.
    (*b*) Op watter vloer is julle woonstel?

18. (*a*) Piet maak sy werk vroeg klaar.
    (*b*) Meester maak hom sy werk doen.
19. (*a*) Ek het lank gestaan en wag.
    (*b*) Ek kan die onenigheid nie langer staan nie.
20. (*a*) Pryse is baie gesny.
    (*b*) Hy het sy vinger gesny.

(Antwoorde: 1(*b*) gretig, begerig; 2(*a*) bril; 3(*a*) koerant, blad; 4(*a*) beantwoord, of: op . . . antwoord; 5(*b*) gegrawe; 6(*b*) vrede gemaak, met mekaar versoen geraak, vriendskap gesluit, e.d.m.; 7(*b*) afspraak; 8(*b*) ingespan, moeite gedoen, daarop toegelê; 9(*a*) hou van; 10(*a*) reël, hou; 11(*b*) kweek, plant; 12(*b*) herinner my daaraan; onthou tog dat; 13(*a*) . . . hy het in die bos verdwaal; 14(*b*) geword; 15(*a*) hoe laat is dit?; 16(*b*) kyk na; sorg vir; pas die kinders goed op; 17(*b*) verdieping; 18(*b*) laat, dwing; 19(*b*) uithou, verduur, verdra; 20(*a*) verminder, verlaag, besnoei).

18. Vervang die woorde tussen hakies.

(*a*)
1. Die boer werk (mostly) op sy landerye.
2. Hierdie beesboer is (most of the day) in die saal.
3. (Most of us) het ons skooldae agter die rug.
4. Daar was (at the most) duisend mense op die fees.
5. Die onderwyseres het hard gewerk en (made the most of) haar vakansie aan die strand.
6. Ons sal (most certainly) op jou troue wees.
7. Die skoolhoof is oortuig dat (most of the children) Saterdag vir die piekniek sal opdaag.
8. Julle het darem (at least) julle bes gedoen.
9. My suster was (not in the least) bang vir die dief nie.
10. Dit was (least of all) my bedoeling om julle te benadeel.

(1. mees(t)al; 2. gedurende die grootste deel van die dag; 3. *Die* meeste van ons; 4. hoogstens, op sy hoogste; 5. het voordeel getrek uit; die beste gebruik gemaak van; 6. alte seker,

heel seker; 7. *die* meeste kinders; 8. ten minste; minstens; 9. glad nie; 10. allermins, die allerminste).

19. In die volgende sinne is party voorsetsels weggelaat. Vul hulle in:
    1. Vermenigvuldig 12 — 3.
    2. Deel twaalf — 4.
    3. Kan u my voorsien — koring?
    4. Hy is onskuldig — die misdaad.
    5. Dit is — die kwessie om jou huis toe te laat gaan.
    6. Was jou pa toe baie kwaad — jou?
    7. Hy het hom onttrek — die onderneming.
    8. Ek is dit met jou — 'n sekere mate eens.
    9. Dit is — op sekere hoogte juis.
    10. Jy kla te veel — jou huiswerk.
    11. — die voorwendsel dat sy vinger seer is, het hy nie sy opstel geskryf nie.
    12. Wie was nie — daardie geleentheid aanwesig nie.
    13. Ek kan nie soveel geld — presente bestee nie.
    14. Ek het my beurs by die huis laat lê; het jy miskien geld — jou?
    15. Vandag kry julle 'n les — die Voortrekkers.
    16. — die een kant wil ek graag kom, maar — die ander kant wag daar nog werk — my.
    17. Parys lê — die Vaalrivier.
    18. Alle opstelle moet — Vrydag in my besit wees.
    19. Boere is — die reël hardwerkend.
    20. Wat bedoel jy — die opmerking?
    21. Ons het lekker gespeel, en — die aand was ons poot-uit.
    22. Die rokmateriaal kos 5/- — jaart.
    23. — hierdie manier het ons sy streke agtergekom.
    24. Ons vakansie begin — drie weke.
    25. Hulle lewe van die hand — die tand.

26. Die mens kan — brood alleen nie lewe nie.
27. In die tronk lewe hulle soms net — ryswater.
28. Hartlik geluk — jou verjaarsdag.
29. Kontant – aflewering.
30. Hy is weg — vakansie.

(1. met; 2. deur; 3. van; 4. aan; 5. buite; 6. vir; 7. aan; 8. in; 9. tot; 10. oor; 11. onder; 12. by; 13. aan; 14. by (nie aan nie); 15. oor; 16. aan—aan—op; 17. aan; 18. teen; 19. in; 20. met; 21. teen; 22. per; 23. op; 24. oor; 25. in; 26. van; 27. van; 28. met; 29. by; 30. met).

20. Kies die juiste voorsetsel:—
    1. Mnr. Retief tree af (met, op) pensioen.
    2. Stuur asb. kontant (by, met) bestelling.
    3. Het julle al 'n opstel (op, oor) die natuurskoon geskryf?
    4. Die kassier het net vier pond (op, in) hande.
    5. Ek vertrek môre (na, vir) die plaas.
    6. Moet dit nie (vir, om) my ontwil doen nie.
    7. Dit is (vir, om) die rede dat ek liewers geswyg het.
    8. Hy glo nog aan die opvatting: oog (vir, om) oog, en tand (om, vir) tand.
    9. Hy sal (in, na) alle waarskynlikheid ons nuwe hoof word.
    10. (Op, in) hierdie wyse het hy sy rykdom verkry.
    11. Die saak is (in, op) sigself verdienstelik.
    12. Ons sal (in, oor) 'n week vir julle kom kuier.
    13. Die sprinkhane het (in, by) miljoene gekom.
    14. Sy hou haar liewers (in, op) die agtergrond.
    15. Sy sien nie graag dat kinders (in, op) straat moet speel nie.
    16. Net een (uit, in) 'n honderd het al soveel vir sy medemens gedoen.
    17. Dit is nou kwart oor tien (volgens, by, op) my horlosie.
    18. Hy het nie 'n mes (aan, by, met) hom nie.
    19. Betaal maar (by, per, met) tjek.

20. Daardie man behoort (volgens, van, by) geboorte aan die adel.
21. Ter nagedagtenis (van, aan) ons teerbeminde moeder.
22. Ter herinnering (van, aan) ons dierbare vader.
23. Herinner my asseblief weer later (aan, oor) ons afspraak.
24. Wat dink jy (van, aan) ons nuwe huis?
25. Vanaand dink ek (van, aan) my ouers.

(1. met; 2. by; 3. oor; 4. in; 5. na; 6. om; 7. (sê liewers) om; 8. om—om; 9. na; 10. op; 11. op; 12. oor; 13. by; 14. op; 15. op; 16. uit; 17. volgens of op; 18. by; 19. per; 20. van; 21. van (N.B.); 22. aan; 23. aan; 24. van; 25. aan).

21. Toets u taalgevoel deur 'n keuse te maak uit die twee of meer moontlikhede wat aan die einde van elke sin gegee word om daarmee die ontbrekende woord(e) in te vul:
    1. Ons land het nie 'n tekort aan — nie. ((*a*) grondstowwe; (*b*) rou materiaal; (*c*) ruwe materiaal).
    2. Dit is die — van ons huis. ((*a*) plattegrond; (*b*) grondplan).
    3. Die - word ook verwerk. ((*a*) afvalprodukte; (*b*) byprodukte).
    4. Padverlegging —. ((*a*) voor; (*b*) verder vorentoe; (*c*) voorwaarts; (*d*) na vore).
    5. Welkom — Durban. ((*a*) na; (*b*) in; (*c*) tot; (*d*) by).
    6. Dit reent —. ((*a*) katte en honde; (*b*) ou meide met knopkieries).
    7. Hy laat —. ((*a*) die kat uit die sak; (*b*) die aap uit die mou).
    8. Ons moet die trein —. ((*a*) haal; (*b*) vang; (*c*) kry).
    9. Hy het — verander. ((*a*) sy gedagte; (*b*) van plan).
    10. Hy het —. ((*a*) ander klere aangetrek; (*b*) oor aangetrek; (*c*) sy klere verander).
    11. Sy het gisteraand kou —. ((*a*) gevang; (*b*) gevat).
    12. Daar was 'n groot — mense. ((*a*) getal; (*b*) aantal; (*c*) nommer).

13. Nou sien ons hom eers in —. ((*a*) sy ware kleure; (*b*) sy ware gedaante).
14. Dankie vir die geskenk, dit sal handig —. ((*a*) te pas kom; (*b*) uitkom; (*c*) voor die dag kom).
15. Die saak het al — my aandag gekom. ((*a*) tot; (*b*) onder).
16. Kan jy 'n vergelyking tussen die twee sake —? ((*a*) trek; (*b*) tref; (*c*) maak).
17. Dit is 'n —. ((*a*) ruwe kopie; (*b*) klad).
18. Ons het groot — met sy siekte gehad. ((*a*) onkoste; (*b*) koste).
19. Die winkelier het aan die skool uniforms teen — verskaf. ((*a*) kosprys; (*b*) uitkoopsprys).
20. Hy het nie die grap — nie. ((*a*) gevang; (*b*) gesnap; (*c*) gekry).

(1. (*a*); 2. (*a*); 3. (*a*); 4. (*b*); 5. (*b*); 6. (*b*); 7. (*b*); 8. (*a*); 9. (*b*); 10. (*a*) of (*b*); 11. (*b*); 12. (*b*); 13. (*b*); 14. (*a*); 15. (*b*); 16. (*b*); 17. (*b*); 18. (*a*); 19. (*b*); 20. (*b*)).

22. Hier word sinne uit die opstelle van 'n paar Engelssprekende studente aangehaal. Hoe sou u dieselfde gedagtes uitgedruk het?
    1. Hierdie is 'n goeie werk en het groot byval gevind onder die publiek en was dus baie geken.
    2. Die boek was uitgegee deur die Vereniging vir die Vrye Boek, en was geskrywe in die vorm van 'n dagboek.
    3. Die werk wat toe gelewer was was maar van baie lae gehalte beskou.
    4. Die Bybelvertaling was 'n moeilike taak dog was in 'n meesterlike manier voltooi in 1933.
    5. In 1933 was die Bybelvertaling ingewy.
    6. Van nou af was die saak ernstig aangepak.
    7. Afrikaans soos dit toe gepraat was, was glad nie as goed beskou nie.

8. Ds. Du Toit het almal van hulle besware weggewas.
9. Jan Celliers het as verbanneling in Switzerland gesit.
10. Meeste van sy uitdrukkings is raak.
11. Hulle het hulleself ten gunste van die saak uitgelaat.
12. Almal van ons het waardering vir Elizabeth Eybers (let ook op verkeerde spelling van die voornaam).
15. Hy vra vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans.
16. Eerste is daar die familiale taalkringe; tweede is daar die sosiale en derde die lokale taalkringe.
17. Die fonetiese spelling het die mense 'n bietjie uitgesit.
18. Waaras die Driemanskap die weg gebaan het, het die ander dan gevolg.
19. Totius berus hom in God se lyding.
20. Annatjie maak vir Ampie boekevat.
21. Ek wil 'n paar mooi lyne uit *Raka* kwoteer.
22. Van Bruggen munt uit vir die realistiese beskrywing van die plaaslike lewe.
23. Hierdie was die toestand wat hy gevind het.
24. Ons dink van Totius as 'n digter wat baie gely het.
25. Vir Leipoldt se aandeel kan die hele jaar net bestaan in Oktobermaand.
26. Nog egter was daar nie 'n aanvang mee gemaak nie, totdat die Akademie gestig was.
27. Die predikant van Fagan se *Ouderling* sou sukses behaal het as dit nie was vir sy kerkraad nie.
28. Hoe lewe hy homself nie uit in sy karakters nie!
29. Ampie gaan na die delwery om daar 'n lewe te maak.
30. Op die delwerye word hy meer van 'n man.
31. Hulle het uit botter gehardloop (ran out of butter).
32. Afrikaans was by daardie jare reeds gevorm as 'n afsonderlike taal.
33. Hierdie bronne behandel toestande so ver terug as 3,500 v. Chr.

34. Die satemtale word opgedeel in . . .
35. Prof. Hesseling gaan sover as om te beweer . . .
36. Afrikaans het as sulks sy krag getoon.
37. Skryftaal is vaster waaras spreektaal meer maklik verander.
38. Reg deur die eeue was taal een van die vernaamste aspekte van die volkslewe.
39. Hulle het die mooi pere tussen hulle gedeel.
40. Opperman is homself 'n Nataller.

23. Engelssprekende kinders is geneig om sinne soos die volgende op 'n on-Afrikaanse wyse te vertaal. Kan u hulle reg help?
    1. The *hands* of my watch are broken.
    2. I *lost myself* in the veldt.
    3. The *motorcar ran over* the little dog in the street.
    4. This year's exam. *papers* were very *hard.*
    5. He *ran up and down the steps.*
    6. If you don't hurry, you won't be *in time* for school.
    7. *Turn the page over.*
    8. We must *break* our journey at Glencoe.
    9. The principal asked my father to come and *see* him.
    10. It is time to *go for a walk.*
    11. My eldest brother is six *feet* three *inches.*
    12. They *gave us a dance.*
    13. *Put* your books *away*, we want to play.
    14. I *took* you *for* my uncle; sorry, Sir!
    15. It won't *take me long* to finish my sums.
    16. My father *put in for* leave.
    17. She stayed at home *all day.*
    18. I was very tired, and *so was* my friend.
    19. My watch is *slow* (*fast*).
    20. We South Africans don't know *how well off we are.*
    21. She has *no time for* me. (Kan my nie verdra nie).
    22. There are peaches *on* the tree.

23. Did you *put on* a tie?
24. He *gave the two of us a lift.*
25. We *stand a chance* of winning the *sweepstake.*
26. Please wait *a minute.*
27. He *made a point of* getting up early.
28. If you *put in* a good word for me, I might get the *job.*
29. My uncle has *made his mark* as a doctor.
30. He *made up his mind* not to come.
31. Why do you *take such chances?*
32. We *missed* the train.
33. Where *did you meet with* the accident?
34. We do Latin *every other day.*
35. I couldn't go with the *others.*
36. When is the train due? Is *she* late again?
37. This boat is on *her* last voyage.
38. Our motorcar has *broken down. She* has done 98,765 miles already and *Dad* will have to *trade her in for a new one.*
39. The inspector gave us *the day off.*
40. I can't come, as I am *on duty.*
41. The bioscope is *on.*
42. How did you *spend* your *holidays?*
43. Please wait for me, I *won't be long.*
44. *So long*!
45. Don't *give me a look* like that.
46. Will you *look me up* when you come in again?
47. We *grew up* on a farm.
48. You had *better* come along too.
49. You want me to lend you five shillings for the bioscope, but *where do I come in?*
50. *What is the time?*
51. We have a man *to drive* us home in his car.
52. She *took a long time* to *do her hair.*
53. What do you do *for a living?*

54. My uncle is not *well-off*, but *yours* is.
55. The shopkeeper *did me out of* a sixpence.
56. I don't know why he goes to court, *he hasn't a leg to stand on.*
57. He is *on his last legs.*
58. My uncle likes *pulling my sister's leg.*
59. I *took part in* the debate, but I couldn't *find my legs.*
60. A *leopard cannot change its spots.*
61. *In* other words, he is not lazy.

(In geval u twyfel, kan u 'n goeie woordeboek raadpleeg).

24. Ten onregte word party woorde as anglisismes bestempel en gevolglik geweer, hoewel hulle om stilistiese en ander redes goeie diens kon bewys het. Dié houding is daaraan toe te skryf dat ons wel Engels goed ken, maar bv. nie ook Frans nie, en so onbewus bly van die vroeë en eintlike bron van baie woorde wat Ndl. oorspronklik deur bemiddeling van Frans gekry het en wat ons in die voor-Afrikaanse tydperk reeds geërf het. Hulle was dus 'n bestanddeel van ons woordvoorraad nog voordat ons in noue aanraking met Engels gekom het. Deurdat sulke woorde egter dikwels as anglisisties aangevoel word, moet ons erken dat hulle voortbestaan tog deur Engels beïnvloed word. Die vreemde toestand word sodoende geskep dat woorde wat taalwetenskaplik aan 'n nie-Engelse taal ontleen is, deur die gewone spreker wel as regstreekse oorname uit Engels aanvaar en uit puristiese oorwegings geweer word. Waar dié houding deur wanbegrip tot 'n onnodige en onverdedigbare verarming van ons taal lei, moet dit betreur word.

Hier volg 'n willekeurige lysie van woorde wat ons nie altyd as stiefkinders hoef te behandel of baster te maak nie. Dit kan met enige honderde aangevul word. Let telkens op die goeie uitspraak.

Abattoir; abnormaal; absent (opsent); absoluut; absorbeer; abstrak(sie); absurd(iteit); administreer; adolessent;

adopteer; advies; ageer: agenda; agitasie(-tor); agressie; akkuraat; aksepteer; akuut; akwarium; alarm; alibi; amateur; ambisie (-sieus); amnestie; amoreus; amulet; amusant; amuseer; amusement (spreek uit: a-mu-se-ment); analiseer; anatomie; anekdote; animositeit; anneks; antagonis; antipatie; antisepties; apologie; appliseer; applous; aptyt; area; argitek; argument; arresteer; assistent; atmosfeer; attent; bakterie; balkon; barometer; bibliofiel; biografie; blameer; bruut; brutaal; chaos; debakel; debiteer; debuut; decor; defensief; deflasie; definisie; dekorasie; depressie; detail; diagram; diffusie; direksie; diskoers; dispuut; dokument; donateur; dosis; dreineer; duplikaat; egois; eksentriek; eksepsie; ekspres; ekstra; ekwivalent; elementêr; enormiteit; entoesias(ties); etiket; familiaar; fantasie; finaal; fokus; forseer; fiksie; glorie; gradeer; graveer; helmet; higiënies; hipotese; histerie; histories; humaan; humoris; idealis; illusie; immuun; impliseer; imponeer; implikasie; impuls; inferieur; insulêr; intelligent; interim; interessant; intern; joviaal; kalorie; kamoefleer; katastrofe; kliek; klimaks; kode; koepon; kollege; kompromis; kondisie; konfronteer; konsensie; konkreet; kontak; kontensie; kontras(teer); korrek(sie); korrigeer; krisis; labirint; lekkasie; liberaal; lokasie; magies; masseer; materialis; megafoon; mikroskoop; miserabel; mobiel; mosie; naïef; naturalisasie; nervens; neurose; nonchalant; notisie; objekteer; okkasie; opaal; organies; origineel; ornament; outokraat; parallel; parodie; passabel; pensioen; periode; pervers; pertinent; polemiek; poseer; premie; preparaat; preliminêr; presumasie; progressief; reduksie; regulasie; religieus; repareer; resepsie; roset; sedisie; sekuur; sentiment; sentraal; simpatie; sinus; siteer; situasie; soewerein; sofa; stabiel; statuur; subliem; subsidie; superieur; tablet; tablo; takseer; telepatie; terroris; toilet; totaal; totem; transformasie; triviaal; ultra; unaniem; universeel; valuasie; ventilasie; virtuoos; viriel; visie.

© Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier
F—55